# DIE HUWELIK — DIE OER-OUE PROBLEEM

## "... tot die dood julle skei?"

## "Wat God saamgevoeg het ...!"

**'n Daarlegging uit 'n bybelse Oogpunt**
**deur E. Frank**

Let wel:

Die bladsy aanduidings vir die aanhalings uit die preek "Marriage and Divorce", is soos dit in ons Afrikaanse vertaling daarvan, nl., "Die Huwelik en Egskeiding" voorkom. As u dit nie saam met hierdie daarlegging ontvang het nie, sal ons dit met graagte aan u stuur op versoek.

# Inleiding

As gevolg van sekere gebeure het dit nodig geword om, soos Paulus aan die Gemeente van Korinthe, die vrae *"waaroor julle aan my geskryf het …",* te beantwoord. Die besondere tema oor die huwelik moet nog 'n maal deeglik belig word.

Soos met alle ander leringe wat van God geskenk is, moet ook hierdie belangrike onderwerp uit die gebied van bespreking gehaal word, en met die hulp van God, sal dit met hierdie uiterse ingewikkelde onderwerp betreffende ons aardse lewe, deur duidelike bybelse verklaringe en bo alle twyfel geopenbaar word. Aangesien die krisisse wat tussen paartjies ontstaan, net so oud is soos die huwelik self, het dit onder die mense bestaan in die tyd van Moses, in die tyd van ons HERE en van die apostels, en in alle tye. Maar nou hou dit veral verband met die hede, waarin ons dan ook die antwoorde op alle vrae en probleme wat met hierdie onderwerp verband hou, in die Heilige Skrif het. Daar bestaan ongelukkig nie 'n enkele hoofstuk waar die antwoorde op die vrae betreffende hierdie ingewikkelde onderwerp, bymekaar gebring en omvattend behandel word, soos ons dit graag sou wou hê nie. Die gedeeltes wat hieroor handel, net soos met ander temas, is wyd verstrooid en die antwoorde net gedeeltelik hier en daar te vinde, wat dan saamgestel moet word.

Ons leef in die laaste Gemeentelike periode, waarin alles, deur die openbaring van die Gees, bekend gemaak word en weer na die oorspronklike stand, na die goddelike orde, teruggebring word. Ons Hemelse Vader is besorgd oor die welstand van die wat aan Hom behoort, en het ons nie in onsekerheid gelaat oor hierdie tema nie. Hy weet hoeveel hartseer daar is weens die gebrek aan vrede in gesinne, en wil Sy kinders bewaar sodat hulle Hom kan dien met vreugdevolle harte en onbeswaarde siele. Ook op hierdie gebied gee Hy vaderlike aanwysings.

Hierdie publikasie is gebasseer op die (Engelse) prediking "Huwelik en Egskeiding", gelewer deur William Branham op 21 Februarie, 1965, wat geheel ooreenstem met die Heilige Skrif.

Net soos Paulus aan die begin, het Hy direkte opdrag van die HERE ontvang om die tema “Huwelik en Egskeiding” daar te stel, in ooreenstemming met die Skrif. In sy eie woorde, is die konteks van hierdie tema aan hom gegee tesame met die bybelgedeeltes wat verband hou daarmee. Hy het klem gelê daarop, dat hierdie openbaring wat hy na die Gemeente gebring het, 'n integrale deel is van die 'verborgenhede' wat met die opening van die Seëls geopenbaar is. Soos ons weet, is 'n 'openbaring' iets wat nie voorheen bekend was nie. William Branham was egter huiwerig om oor hierdie tema te praat. Hy het gevrees dat dit misverstaan sou word, en moontlik selfs skeidings en ander dinge sou veroorsaak. In sy prediking “THE THIRD EXODUS” (“Die Derde Uittog”) van 30 Junie, 1963, het hy herhaaldelik gesê dat iets met hom gepraat en gesê het: **“Neem (die preek) Huwelik en Egskeiding op band op”.** Verder gesê: **“Sien? As die HERE dit toelaat, as dit op my hart bly, en as die HERE my nog meer oor hierdie onderwerp wys, dink ek sal ek dit op band opneem”.** Hy het bygevoeg: **“Ek wil graag af gaan en dit vir die regter en van sy kolegas speel, sodat hulle weet wat die HERE oor die huwelik en egskeiding sê”** (bl. 5-6).

Dit was eers nadat die HERE hom weer beveel het om die berge in te gaan, waar die HERE weer in die bonatuurlike wolk neergedaal het en met hom gepraat het oor die huwelik en die egskeiding, dat hy die boodskap wat aan hom geopenbaar was aan sy gemeente in Jeffersonville gebring het. Aanhaling: **“Iets het vir my gesê: 'Gaan die berg in, dan sal Ek met jou praat' … Die hele stad se mense het dit aanskou; dit was 'n helder, wolk-lose dag, behalwe vir hierdie groot roos-kleurige wolk, wat daar gehang het, wat dan in die vorm van 'n tregter teruggegaan en versprei het. Vriende, dit is wat dit aan my geopenbaar het, wat ek nou aan julle gaan vertel. So, moet dit tog nie mis nie”** (HUWELIK EN EGSKEIDING, bl. 51 & 52).

Dit wat voorheen gebeur het, word in ons dag herhaal: Ons wil graag ‘n profeet hoor, maar terselfdertyd verwag ons dat hy dit sal sê waaraan ons ore gewoond is, dit alles wat andere al geleer het. Al kom 'n Idee 'n lang tyd aan, of kom paslik voor en lyk diep godsdienstig, kan dit egter heeltemal onbybels wees.

Die 400 manne wie onder ‘n leuengees geprofeteer het in die tyd van Agab, was erkende profete, ware profete van die gemeente van Israel. Aan die ander kant, was Miga ‘'n ware profeet van God'. Dit maak 'n groot verskil. Onse HERE Jesus het vooruit gespreek, dat daar in die laaste dae baie valse profete na vore sou tree. Maar Hy het ook dit bevestig wat deur die profeet Maleagi belowe is, dat 'n “profeet Elia” sou kom “om alles te herstel” (Matt. 17:11; Hand. 3: 19-21), voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. Die Woord het altyd na die profete toe gekom, en hulle kon presies getuig van die dag, die maand en die jaar, toe hulle dit ontvang het (Hag. 2: 1,10,18; onder andere). Wat geskryf was, is nog steeds geldig vandag: *“Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie”* (Amos 3:7; Openb. 10:7; onder andere).

Die boodskapper wie vir Miga kom roep het, het vir die dienskneg wat deur God gestuur is gesê: *“...laat jou woord nou tog wees soos die van een van hulle, en spreek goeie dinge”* (IIKron. 18: 12b-13). Sedekía, wie die belangrikste profeet onder hulle was, het toe horings van yster gemaak en kragtig geprofeteer en uitgeroep: *“So spreek die HERE”* (v.10). Maar dit was nie “So spreek die HERE van die leërskare” nie, maar wel: “So spreek die here Sedekia”. Toe die man van God eerstens alles begin sê wat die ander gesê het, het selfs Agab, die afvallige koning, besef dat iets verkeerd was. Toe beveel hy en besweer selfs die profeet *“**dat jy niks as die waarheid in die Naam van die HERE spreek nie**”* (v.15). Daarop gee Miga toe die openbaring wat hy ontvang het, aan die twee konings, Jósafat en Agab. Want ná die 400 profete, het Jósafat gevra of daar niemand anders was, wie hulle nog nie aangehoor het nie, deur wie God gepraat het. Die openbaring het gelui: *“**Hoor die Woord van die HERE. Ek het die HERE sien sit op Sy troon**, terwyl al die hemelse leërskare aan Sy regter- en Sy linkerhand staan”* (v.18).

Slegs Miga het die Woord van die HERE, die ware Gees van God, die SO SPREEK DIE HERE, gehad; die ander profete het 'n leuengees gehad, wat altyd 'n godsdienstige voorkoms het.

Solank as ‘n man, wat ‘deur God gestuur’ is, se verkondiging net soos al die ander is, het God glad nie deur hom gepraat nie. Eers wanneer hy die openbaring bekend maak, wat hy van God ontvang het, wat **altyd** verskil van die algemene en tradisionele leringe, maar nietemin **altyd** in ooreenstemming is met die getuienis van die Heilige Skrif, dan is dit dít wat die HERE gespreek het.

Broeder Branham het die bypassende bybel-gedeeltes gebruik, wat die HERE hom getoon het en hy het dit telkens in die regte konteks en samehang aangegee; om daardie rede noem onverskillige waarnemers hom 'n profeet “wat vasgevang is in die Ou Testament”. Maar ondanks die vergelykings uit die Ou Testament, is sy prediking duidelik gerig aan die HERE se Gemeente van hierdie laaste tydperk. Die God van die Ou Testament is egter ook God van die Nuwe Testament. Hy bly immers dieselfde, gister, vandag en tot in ewigheid. Vir ewig waar is dat: *“**Die hele Skrif** is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid ...”* (IITim. 3:16).

As daar in die Nuwe Testament gesê word: *“… soos die Skrif sê ...”*, of *“… soos geskrywe is ...”*, of *“… sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word ...”*, is die verwysing altyd uit die Ou Testament. Die Nuwe Testament het inderdaad eers daarna tot stand gekom. Tydens die eerste twee eeue was die evangelies en die sendbriewe van die apostels in die gemeentes rond gestuur. Paulus noem dit in sy brief aan die Kolossense: *“En wanneer hierdie brief by julle gelees is, sorg dat dit ook in die gemeente van die Laodicense gelees word en dat julle ook dié uit Laodicéa lees”* (Kol. 4:16).

Eusebius en Athanasius het eers tussen die einde van die derde en die begin van die vierde eeu, die geskrifte versamel in 'n enkele boek, wat ons nou ken as die 'Nuwe Testament' — ook bekend as die ‘kanon’, wat 'norm' of 'rigsnoer' beteken. Die preke, hetsy van die HERE, of van die apostels, bestaan uitsluitlik net uit tekste aangehaal vanuit die Ou Testament. *“En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van*

*Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan"* (Luk. 24: 44-45). Onse HERE het in Johannes 7, vers 38, uitgeroep: *"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê …"*. Lukas getuig hoedat Paulus *"… vir hulle die koninkryk van God uitgelê; en van die môre vroeg tot die aand toe het hy uit die* ***wet van Moses*** *en uit die* ***profete*** *hulle probeer oortuig aangaande Jesus"* (Hand. 28:23). Ons vind ooreenstemmende gedeeltes aangehaal vanuit die Ou Testament, vanaf Matthéüs 1, regdeur die evangelies, tot die Pinkster-gebeurtenis, en natuurlik op Pinksterdag (Handelinge 2). Ook met elke stap wat in die verlossingsplan vorentoe geneem word, en ook in elke bybellering van die sendbriewe van die apostels, tot met die van Judas, vind ons dit.

Die 'leringe' wat losstaan van die wet van God, is die leringe van "die wettelose", soos Paulus sê (IIThes. 2:3, oorspr. vert.). God is vir altyd gebonde aan Sy Woord. Hy bind ook hulle wie vashou aan daardie Woord, sodat hulle ware vryheid kan ervaar. Dit pas perfek in by die nuwe-testamentiese prediking, en die feit dat Broeder Branham praktiese voorbeelde gebruik wat die HERE self gegee het en wat uit die Ou Testament kom, werk alles ten goede mee, *"sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus"* (IITim. 3:17).

'n Lering kan slegs 'bybels' wees as beide, die Ou- en die Nuwe Testament in ag geneem en in harmonie oorgebring word. Dit is om hierdie rede dat die sogenaamde Christelike Geloofs-belydenisse op 'n dwaalspoor is, omdat hulle nie verband hou met die grondlegging vanuit die Ou Testament nie. In sy prediking "Die Huwelik en Egskeiding", verras die man van God ons voortdurend deur sy ongewone vergelykings wat hy, soos aan ons almal bekend is, nie sou kon doen op sy eie nie. Hy het, in die nederigheid wat aan hom gegee is, gesê: **"As dit 'n bybelse vraag is, moet dit ook 'n bybelse antwoord het"**. Die bybelse antwoorde wat hy gegee het, pas egter nie in by die moderne idees nie. Die gees van hierdie tyd heers oral, onder die vaandel van vroue gelykheid. Volle emansipasie is 'die in-ding' en wee die een wat met 'outydse' en 'verouderde' bybelstellings kom.

## VANAF DIE HERE ONTVANG

In die inleiding tot sy prediking, noem Broeder Branham (bl. 5), dat tienduisende gevalle vooraf aan hom geopenbaar is, wat hy vooruitgespreek het en dat alles gebeur het. Hy het dit gedoen voor sy gemeente, wie al hierdie jare oog- en oorgetuies was, wat hulle toe met 'n kragtige "Amen!" bevestig het. Toe wys hy dat die twee heersende leerstellige rigtings, wat heeltemal teenoor mekaar staan, bybels onwaar is, hoewel dit oral gepreek en geglo word. Aanhaling: **"Aldus het ons twee denkrigtings oor die huwelik en egskeiding. Een daarvan is dat 'n *man* slegs *een keer* getroud kan wees, tensy sy vrou dood is. Dit is een van die denkrigtings. Maar as jy hierdie pad volg, gaan jy oorboord. Die ander sê: 'Ag, as die man *of* vrou, enigeen van die twee, owerspel gepleeg het, dan kan enigeen die ander verlaat en weer trou". Maar ook daarmee, gaan jy oorboord"** (bl. 12).

Soms kan dit vreeslik onaangenaam wees, wanneer selfs private gebeure genoem word. Maar God gee op 'n vaderlike manier om vir ons welstand, ook ons onderlinge menslike verhoudings, ingesluit die huwelik. Hy het Sy leringe, ook die oor die verbode dinge, in gebooie in Sy geskrifte vir ewig laat vaslê. Hy is die een wat die beste weet waarvan ons gemaak is en weet wat goed is vir ons, en hoe die oortreding van die wette rakende ons liggaam ons lewe geestelik beïnvloed. Die ongehoorsaamheid wat in ons liggaamlike optrede tot uiting kom, is wat ons siele uiteindelik sal beskadig en ons van God sal skei. Dit is waarom alles in die Skrif, vir 'n kind van God verpligtend is. Deur die wet te gee, het God lewe en dood, die vloek en die seën voor ons geplaas om te kies — deur gehoorsaamheid aan Sy Woord, kies ons lewe; maar enige ongehoorsaamheid daaraan, bring die dood. Ons Verlosser, Hy wie ons plek ingeneem het, was gehoorsaam selfs tot die dood aan die kruis (Fil. 2:8), om ons te verlos van Adam se ongehoorsaamheid (Rom. 5:19, o.a.). Ons Verlosser het gesê: *"... **maar hy wat die Seun ongehoorsaam is**, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom"* (Joh. 3:36).

Petrus het geskryf: *“**Soos gehoorsame kinders** moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie”* (IPet. 1:14). Daar is slegs 'twee pare skoene': een paar, ongeloof en ongehoorsaamheid, en die ander, geloof en gehoorsaamheid. Watter paar skoene dra ons? Hier moet ons nie aan ander dink nie, maar onsself persoonlik laat aanspreek deur die Woord van God.

Al die bybelgedeeltes rakende 'n saak moet in ag geneem word. Die een wat 'n enkele teksgedeelte uit die Bybel neem sonder om ‘n ander in ag te neem, doen skade aan die Woord van God. Hierdie Woord is nie daar om iemand die reg te gee nie. Dit is ook nie daar om ons eie interpretasies te ondersteun nie. Ons leef om aan God reg te laat geskiet en om ons aan elkeen van Sy Woorde te onderwerp. Hulle wie byvoorbeeld nie die Woord wat aan die man gerig is en die Woord wat aan die vrou gerig is, kan onderskei en dit laat geld nie, verstaan nie regtig die saak nie. Of miskien wil hulle dit glad nie regtig verstaan nie. As God egter van “hom” praat, is dit die man wie Hy aanspreek, en as God “sy” sê, dan gaan dit oor en is dit vir die vrou. God meen altyd wat Hy sê, en Hy sê altyd wat Hy meen.

## SÓ HET DIT BEGIN

Broeder Branham gaan na die begin, naamlik, na die eerste boek, Genesis — wat "oorsprong", of “begin” beteken — waar die oorsprong van alle boosheid was, die ‘sondeval’. Daaraan is dan die eerste ongehoorsaamheid gekoppel, die eerste oortreding van die Woord, die eerste verleiding, die eerste owerspel, ens. Hy lê uit, hoedat Eva in Adam was met die skepping van die geestelike liggaam (hoofstuk 1), en hoe sy in hoofstuk 2, deur 'n aardse skepping, uit Adam geneem was. So word 'die geskiedenis van verlossing' binne die geskiedenis van die mensdom, van die begin af voor ons oë gehou: Die Bruid van Christus was al in die Verlosser terwyl Hy in 'n geestelike liggaam was, maar Sy het nie by Hom uitgekom nie, totdat Hy verskyn het in 'n liggaam van vlees en verlossing aan die kruis van Golgota bewerk het.

In sy prediking het Broeder Branham toe gesê dat daar in die begin van die skepping net "'n paar" van elke soort was, dit wil sê 'n manlike en 'n vroulike. Dit bring die gedagte dat die oorspronklike skepping nie geneig was tot sonde nie en ook nie in gesoeking gelei kon word nie (bl. 23). Dit is die rede waarom die vyand die vrou, wat nie in die oorspronklike skepping as 'n onafhanklike persoon langs Adam geskape was nie, in besit kon neem. Sy was eers later uit Adam gehaal. Die volgende gebod is deur God, die Ewige, aan Adam gegee, terwyl Eva nog in hom was: *"Van al die bome van die tuin mag jy vry eet,* ***maar van die boom van die kennis*** *van goed en kwaad, daarvan* ***mag jy nie eet nie****; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe"* (Gen. 2: 16-17). God het met Adam gepraat maar die vyand het Eva gekies as geselskap, en hy het haar verstrengel in argumente oor "**wat God gesê het**". Selfs vandag nog gebruik die vyand dieselfde woorde deur die monde van baie mense: *"Is dit ook so dat God gesê het ...?"*, en dan volg die verdraaiing. God het 'n *spesifieke boom* gemeen, waarvan nie geëet kan word nie, *"die boom van die kennis"*; die vyand het van *"al die bome"* gepraat. **Inderdaad het hy met die tema gebly, maar nie in die waarheid nie**.

Tydens die eerste skeppingshandeling was die manlike en die vroulike wese beide in een vorm vervat: *"En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape"* (Gen. 1: 26-29). Alhoewel die hele skepping voltooi was en as baie goed beskou was, en God gerus het op die sewende dag van al Sy werk, nadat hy hierdie sewende dag geseën en geheilig het (Gen. 2: 1-3), word gesê in hoofstuk 2, vers 5[b]: *"... en daar was geen mens om die grond te bewerk nie ..."*. Dit was eers daarna, toe hy in 'n liggaam van vlees gevorm was, dat Adam aan die slaap gemaak kon word en Eva van hom verwyder kon word. In hierdie liggaam van natuurlike vlees, kon die mens al die aardse werke doen, maar dit was ook in hierdie liggaam wat hy geval het; daarom moes die HERE in 'n natuurlike liggaam kom om ons uit die sondeval te bevry en ons te verlos. Die Verlosser is soortgelyk gemaak aan almal wat

gered sou word (Heb. 2:17), sodat hulle in die voltooiing soos Hy kon wees (IJoh. 3:2). Dit is omdat die eerste verwekking plaasgevind het deur die verleiding van die ‘slang’, dat die mensdom vleeslik verwek is onder die vloek van die bose. Kain was 'n kind uit *“die Bose”* (IJoh. 3:12). In die “Onse Vader” bid ons: *“... verlos ons van die Bose”* (Mat. 6:13[b]). Die HERE van die hemel moes, deur die Gees-verwekking, in 'n menslike liggaam kom om ons van die sonde af te bevry op die regte manier, en ons vry te koop van die mag van *“die Bose”*.

Vanaf die oomblik dat Eva haarself laat meevoer het deur die argumente van die slang, het sy haar onder die gesag van Satan bevind. Sy het daarna toe vir Adam onder dieselfde invloed gebring, wat baie duidelik, deur die oortreding van 'n gebod, gelei het tot die sondeval. So is dit duidelik dat enige vrou, wat soos Eva, haar man beïnvloed teen die Woord van God, haarself onderwerp aan die inspirasie van die “Bose”. Sulke besprekings word natuurlik, net soos destyds, gevoer met argumente oor “wat God gesê het”. In so 'n situasie, verdraai die vyand die Woord van God in die vrouens se koppe en op hul lippe sonder dat hulle dit oplet. Satan gebruik altyd die Woord van God met die bedoeling om te mislei; hy het ook na onse HERE toe gekom met *“… daar is geskrywe”*, want slegs op hierdie manier kan hy kinders van God tot ‘n val bring. Elke leuen is eintlik 'n waarheid wat onderstebo aangebied word, dit wil sê, verdraai is. Ons moet dus die voorbeeld van ons HERE volg wie hom ontmoet het met: *“maar daar is óók geskrywe”*. Satan haal aanhalings uit die Bybel aan, geïsoleerd en buite konteks, om gelowiges te versoek, maar ons neem die **ganse Woord** om hierdie versoeker te weerstaan.

## DIE EINDE VAN DIE 'BEGIN'

Dit was met groot toorn dat die HERE God op die sondeval gereageer het. Hy vervloek die slang, wat onmiddellik toe sy spraak en sy oorspronklike vorm verloor het. Voor dit kon hy praat en was ‘n orente wese, maar van daardie oomblik af het hy op die grond geseil as 'n reptiel. Eva was nie vervloek nie, maar was gestraf, deurdat haar kinders in pyn gebaar moes word en dit slegs met die doel dat sy die verleiding moes onthou. God het nie hierdie straf in die mond geplaas nie, maar wel waar dit behoort, dit wil sê, in die moederskoot. Die feit dat hulle hul skaamte met vyeblare bedek het — nie onder die skadu van 'n appelboom waarvan die Bybel glad nie praat nie — maak dit duidelik wat eintlik gebeur het. Adam is verder ook nie vervloek nie, maar die aarde, wat hy moes bewerk het, was vervloek. Hy self moes sy brood deur die sweet van sy aangesig eet. Wat die HERE vir hom verwytelik gesê het was: *"Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou ..."* (Gen. 3:17).

Dit wat aan Adam en Eva gesê was ná die sondeval, is ook van toepassing op die gelowiges, omdat hulle op hierdie pelgrimsreis op aarde, in dieselfde liggaamlike wese verkeer. Gelowige vroue baar ook hul kinders in pyn en die manne vee nog altyd die sweet vanaf hul voorkop deur liggaamlike arbeid. Eers met die liggaamsveranderinge sal die liggaamsverlossing vervul word. Tot op daardie oomblik, sal die fisiese beperkings dieselfde wees vir gelowiges sowel as vir ongelowiges — almal ondervind dieselfde behoeftes en swaarkry.

Nadat die onheil hulle beval het, het die ewige God onmiddellik die belofte van verlossing gegee, d.w.s. dat “die Saad” deur die vrou sou kom om die slang se kop te vermorsel. Satan het sy saad deur Eva gebring, maar die Saad van God het deur Maria gekom. God het die teëstander aangespreek en gesê: *“En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen* ***jou saad en haar saad****. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt”* (Gen. 3:15).

Wat die sondeval betref, sê Broeder Branham dat die dinge wat aan die begin was, verbygegaan het, dit wil sê, die dinge waarvan onse HERE Jesus vertel in Matthéüs, wanneer Hy sê: *"... maar van die begin af was dit nie so nie"* (Matt. 19:8). Na die sondeval was 'n nuwe verbond nodig, sê die man van God, wat die gelykheid tussen manne en vrouens beëindig het. Aanhaling: **"Let op nou. Nou ná die begin, ná die begin, nadat tyd begin het (voor dit, was ewigheid), dit was verby. Let op dat, na die sondeval wat deur Eva veroorsaak is, was dit nodig om 'n nuwe verbond te sluit. Julle gaan hieroor struikel, maar ek gaan julle die Skrifgedeeltes gee wat bewys dat dit die waarheid is. Let op nou, ná die sondeval … het Jesus gesê dat God in die begin een van elke spesie gemaak het. Maar, kom ons gaan na die ander kant. In die eerste verbond was hulle gelyk, maar ná die sondeval, was 'n ander verbond gesluit. Nou het die vrou nie meer met die man geheers nie. Dit het vir elkeen van hulle 'n afsonderlike verbond genoodsaak"** (bl. 33-34).

Die gelykheid van die man en vrou, dws., die eweredigheid van hul posisies, was daarmee verbeur, en Adam was toe deur God self gevestig as heer oor sy vrou. *"… en hý sal oor jou heers"* (Gen. 3:16[c]). Daardeur het niks vir die gelowige vroue in die Nuwe Testament verander nie, al word dit openlik (of stilweg) deur sommige verwerp. Paulus skryf: *"Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus"* (IKor. 11:3). Vir die gelowiges is dit weer en bly dit altyd die goddelike orde. 'n Ware gelowige vrou, wat haar plek ken, sal haar rol van harte inneem. As sy die gesag van die man verontagsaam, dan onthoof sy haarself bybelsgesproke, en is dan in die volle sin van die woord "koploos".

Met die sondeval was 'die begin', waarvan Jesus gepraat het in Matthéüs 19, verby. Aanhaling: **"Kom laat ons nou ag slaan op wat Jesus hieroor gesê het: '… van die begin af was dit nie so nie'. Dit is nou dus nie "aan die begin" nie, maar *ná* die begin, en nou is daar 'n dubbele verbond.**

**Eers was daar net een verbond. Adam en Eva was gelyk, een man, een vrou. Maar die vrou het gesondig en wat het gebeur? Dit het hulle almal in die dood gedompel en God moes 'n verbond sluit met inagneming daarvan, 'n ander verbond. Hier is dit, in Genesis 3, vers 16. Hy het 'n ander verbond gesluit"** (bl. 35).

Dan lei Broeder Branham ons na iets wat vir ons, met die eerste oogopslag, ondenkbaar klink; by nadere oorweging, na die aanvanklike skok, is dit tog ten goede. Aanhaling: **"Nou, u sal sien, ná die begin was iets anders bekendgestel. Wat ek julle gaan vertel, sal julle skok ... Toe die dubbele verbond deur middel van seks vir man en vrou gesluit was — Dit was 'n totaal verskillende verbond; dit was nie die oorspronklike verbond nie, maar 'n ander verbond — wat was toe bekendgestel? Veelwywery oral! ... Dit is die tweede verbond: een man en baie vrouens"** (bl. 36).

Soos ons alreeds gesê het, het dit ons baie geskok omdat ons dit nie verwag het nie. Dit gaan hier egter nie om die bekendstelling van veelwywery nie, maar eerder om 'n bybelse regstelling. Broeder Branham lê dit net neer uit die Skrif en leer wat die Woord van God van getuig: dit wil sê dat die posisie van die vrou anders is as die van die man.

Op hierdie basis gaan die profeet voort met al die erns van God, dat dit selfs opmerklik is in sy stem: **"Gee nou aandag! Moet dit nou nie mis nie. Laat dit heeltemal in jou hart in sink: Nie een van hierdie vrouens kon meer as net een eggenoot hê nie. Hy is die oorspronklike skepping, nie sy nie. Nie een van hierdie vroue kon meer as een man hê nie, maar een man kon 'n duisend vroue hê. Dit is 'SO SPREEK DIE HERE'. Dit is die Bybel"** (bl. 36).

Het Paulus nie soortgelyke gedagtes oor vroue beklemtoon nie? *"Laat 'n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat* ***die vrou van een man gewees het*** *..."* (ITim. 5:9). Ook staan daar heel duidelik ten opsigte van die vrou geskryf: *"Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae*

*van die wet van die man. Daarom dan, as sy 'n ander man s'n word terwyl haar man lewe, sal sy 'n egbreekster genoem word"* (Rom. 7: 2-3). ‘n Vrou word gebind deur haar trougelofte solank haar man leef, en as sy dit verbreek, dan is sy skuldig. Die teks van IKorinthiërs 7, vers 39, bevestig dit. Kon God iets vergeet het? Of sou Hy verkeerd gewees het? Beslis nie.

Dieselfde Paulus gaan voort en skrywe oor die nog jong weduwees, dat sy weer sal moet trou (ITim. 5:14). Die verskillende posisies tussen manne en vroue blyk ook uit die volgende bybelgedeelte, waarna Broeder Branham verwys. Aanhaling: **“Matthéüs 5, vers 32. Ek wil graag hê dat u dit opmerk, om hierdie idee van *een* en *meer* te ondersteun ... *‘Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg* (Hoe so? Omdat sy weer sal trou)*, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk*’”** (bl. 39-40). Hier moet ons weer presies ag slaan, oor wie hier aangespreek word en waaroor dit gaan.

Dit is waarom ‘n man, wat sy vrou 'n egskeidingsbrief gegee het, en sy die dokument gebruik om die vrou van 'n ander man te word, haar nie kan terugneem, selfs nie na die dood van haar tweede man nie, omdat sy verontreinig is. (Deut. 24: 1-4). *“Daar word gesê: As 'n man sy vrou wegstuur en sy hom verlaat en by 'n ander man is, sal hy na haar terugkeer? Sal hierdie land nie heeltemal verontreinig word nie?”* (Jer. 3:1). Dit is presies hoe God handel met hierdie aangeleentheid.

Mense kan hierop uitroep: “Manne van God van die Nuwe Testament, Paulus en Branham, dit is verregaande! Waar is dan geregtigheid? Ons het gelykheid!”. Dit is waar. Diegene wat die gees van hierdie tyd het, beoefen gelykheid en verhef selfs die vrou bokant die man, sodat sy, in plaas van dat die man oor haar heers, sy oor hom heers, soos die profeet sê. Die Gees van God is egter gekant teen die neiging van hierdie tyd, sodat elke vrou wat deur die Woord geheilig word, in die praktyk haar teenoor haar man onderdanig maak, en dat die man prakties en volledig onderdanig is teenoor Christus, sodat die onveranderlike goddelike orde herstel kan wees.

Broeder Branham verwys ook na wat die apostel Paulus gesê het in ITimothéüs 2, verse 9-15, dat vroue nie toegelaat word om *"onderrig te gee of oor die man te heers nie"*. Nadat Eva haarself onder die invloed — die mag van Satan gewilliglik gestel het, het sy begin om Adam te beïnvloed, totdat hy uiteindelik gedoen het wat sy wou hê en so God se gebod oortree het. So het die val gekom, wat 'n godslastering teen God was en die goddelike orde vernietig het en nog steeds voortgaan in almal wat nie toelaat dat hulle in die voorskrifte van God ingevoeg word nie. Die apostel se grondlegging vir haar ondergeskiktheid is hierdie: *"Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. En Adam is nie* ***verlei*** *nie, maar die vrou het haar laat* ***verlei*** *en het in oortreding gekom"* (ITim. 2: 13-14). Toe trek Broeder Branham 'n parallel met IKorinthiërs 14, en soos Paulus, benadruk hy dat dit heeltemal 'wettig' is vir vrouens om te swyg en onderdanig te bly *"... soos die wet ook sê"* (IKor. 14:34). Oudmodies? Ou-testamenties? Vyand van vroue? Glad nie! Maar dit is soos die God wat altyd dieselfde bly, dit vasgelê het in Sy wet wat vir ewig geldig is! Die HERE Jesus het nie gekom om die wet en die gebooie nietig te verklaar nie, maar om dit te volbring. Hy het gesê: *"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie"* (Matt. 5: 17-18). Wat Hy eenkeer gesê het, bly vir ewig geldig.

### GOD SE VERORDENINGE BLY ONVERANDERD

So is die verloop van die goddelike orde dus nog eintlik dieselfde soos in die Ou- en die Nuwe Testament. In die 20ste eeu sê God nog steeds dieselfde as ses-, vier- of tweeduisend jaar gelede. Hy wie daarmee ontevrede is, word in dieselfde posisie geplaas as moderne mense, wat sonder oriëntasie, hulle eie pad volg, na die verderf. Ons moet onsself die vraag afvra, in watter toestand ons sou wees as God op 'n tyd iets op een manier gesê het, en 'n ander keer op 'n ander manier?

God sou sodoende nie in der ewigheid ‘n plan ten gunste van die mensdom kon maak, wat bewerkstellig kon word tydens die verlossingsgeskiedenis, en nou tot voltooiing kom nie. Andersins, hoe sou Hy almal eenvormig kon beoordeel het aan al Sy Woord?

Aanhaling : **“So sien ons nou die hele prentjie ontvou voor ons. Daar is sy. Daarom laat God haar nie toe om onderrig te gee nie, en ook nie dat sy iets in die gemeente doen nie, maar om stil te wees, met ‘n versluierde gesig”** (bl. 32). Is dit 'n harde en liefdelose Woord? Wie kan daarna luister? Wie kan dit verdra? Wie sal aanstoot neem daaraan en hul eie weg volg? Of wie sal dit met dankbaarheid erken en vorentoe beweeg? Daar is geen vrouens in die Nuwe Testament wat deur God in die bedieninge van ‘apostelinne’, ‘profetesse’, ‘evangelisesse’, ‘leraresse’ of ‘pastorinne’ geplaas is nie. Maar, soos in die vierde sendingsbrief berig word, was daar die vrou 'Isébel', wat haarself voorgegee het as 'n 'profetes' en haarself daartoe gewy het om onderrig te gee as ‘'n lerares’ (Openb. 2:20). God wys die engel van daardie Gemeente ernstig tereg, omdat hy hierdie vrou laat begaan het. Dit is wat God tot vandag toe nog doen.

Die profeet Eségiël het reeds teen die profetesse opgetree, nadat hy eerstens die valse profete en hul optrede veroordeel het (Eségiël 13). Die HERE het hom só beveel: *“… En jy, mensekind, rig jou aangesig teen die dogters van jou volk wat as profetesse optree uit hulle eie hart …”* (vers 17). Van die vroue wat kwaadwilliglik en selfs in ergerlikheid opgetree het, het die profeet met "Wee …!" gesê: *“Wee die vroue wat bande vaswerk aan al die gewrigte van die hande en sluiers maak oor die hoof van allerhande mense ..."* (vers 18). Hulle kan alles sny om in allerhande situasies in te pas. Met hulle profesieë word siele gevange geneem, wat hulle doodmaak as gevolg van hul valse inspirasie, dit wil sê, deur die gif van die slang wat daarin is; in sulke gevalle is dit glad nie profesieë nie, maar waarsêery. Waarsêery kan soms ook waar wees, maar profesieë is eintlik van God, terwyl ander dinge van die duiwel kom (sien Handelinge 16: 16-18; 21: 7-14, ook andere).

In 'n profesie wat deur die Gees van God voortgebring word en wat aan die Gemeente gerig is, is daar altyd drie hoof-kenmerke: **opbouing, vermaning en troosting (IKor. 14:3). Alles wat van God kom, lei na *Hom* en verenig ons met *Hom*; nie met die houer wat hy gebruik nie**. Valse profete en veral valse profetesse, word hierdeur gekenmerk: hulle praat in effek van God om hulself voor te stel as besonders geestelik, maar **hulle bind mense aan hulself** deur die gawe wat hulle bleik te het, en **maak hulle dan afhanklik** van hul profesieë en hul sogenaamde "persoonlike openbaringe".

So spreek die HERE aan sulke vroue wat nog altyd daarin geslaag het — as 'draers van gawes' — om almal na hulle aan te trek met dieselfde betowering van Satan, waaronder hulle self was: *"... daarom sal julle geen bedrieglike gesigte meer sien en geen waarsêery meer drywe nie; maar Ek sal my volk uit julle hand red, en julle sal weet dat Ek die HERE is"* (Esé. 13:23). Dit is verskriklik dat sulke vrouens, wie nie die Woord respekteer nie, visioene sien wat geïnspireer is deur 'n gees van leuens! Die mense kom glad nie agter dat hul profesieë misleidende waarsêery is nie en dus, sonder dat hulle dit weet, word die vroomste 'gelowiges' betower. Niemand sou vermoed dat sulke mense, wie hulself as geestelik en 'draers van gawes' voordoen, direk deur die vyand aangewend word om die Gemeente binne te dring en dit te vernietig. Dit bring ons terug na Eva, wat haarself toegelaat het om verlei te word deur die vyand, en daarvandaan het sy 'n instrument geword om God se oorspronklike plan vir Sy kinders te verydel.

Natuurlik kan 'n valse inspirasie ook op enigeen kom, soos met Petrus gebeur het, toe hy die HERE goeie raad wou gee, om Sy lyding te vermy; Hy neem die HERE eenkant toe en sê vir Hom: *"Mag God dit verhoed, HERE, dit sal U nooit oorkom nie!".* Maar die HERE het omgedraai en vir Petrus gesê: *"Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense"* (Matt. 16: 22-23). Petrus het nie probeer om die HERE te beïnvloed deur 'n visioen voor te dra, of 'n profesie aan hom te bring, soos met Isébel en die valse profete die geval was nie.

Petrus was eenvoudig op daardie oomblik net nie waaksaam genoeg nie; dit was onder 'n goedbedoelde, maar egter ‘n valse inspirasie.

Van die eerste tot die laaste, moet ons almal te alle tye waaksaam wees. Wanneer iets gesê word, en dit nie saam met die getuienis van die Heilige Skrif stem nie, is dit 'n valse inspirasie, en maak dit nie saak uit watter persoon of mond die vyand praat nie. **Die Woord alleen bly vir altyd die enigste geldige maatstaf**. Wat deur die Heilige Gees voortgebring word, is altyd in ooreenstemming met die Heilige Skrif. Die res is godsdienstige misleiding wat spruit uit valse inspirasie. Die gawe van onderskeiding van geeste was nog nooit so nodig soos in hierdie tyd van verleiding nie, waar die vals so na aan die waarheid is, tot by die punt dat, indien dit moontlik was, selfs die uitverkorenes godsdienstiglik verlei kon word.

Wat die *bedieninge* betref, is dit in geheel toevertrou aan *die broeders*, vir die opbou van die Gemeente (IKor. 12:28; Efé. 4:11, onder andere). Paulus het die vroue wat die gawes beoefen om te bid of te profeteer — dinge waarin inspirasie maklik oorneem, dws, die presiese grond *waarop die duiwel hulle vas kan vang* — aanbeveel om hul koppe te versluier en nie hul neuse op te trek nie, want geestelike trots lei tot die val van die gelowige. Lang hare dien as bedekking in die byeenkomste waar hulle die gebedsgawes beoefen (IKor. 11: 5,15). Maar dit dien ook as teken, dat hulle in die praktyk heeltemal onderhewig is aan die bybelse orde in die Gemeente, vanweë die engele wat deur die HERE as boodskappers van God gevestig is (v.10). In die oorspronklike teks is die uitdrukkings “engel” en “boodskapper” in dieselfde konteks. En wanneer daar geskrywe is dat baie engele geherberg het sonder om dit te weet (Heb. 13:2), was dit nie die engel Gabriël of die engel Mígael nie, maar Paulus, Petrus, en ander diensknegte van die HERE. Daar staan sewe maal in Openbaring geskryf: *“Skryf aan die engel van die gemeente …”* — dit wil sê die boodskapper wat God daar gevestig het. Die ware diensknegte van God is ambassadeurs van Christus (IKor. 5:20).

Broeder Branham bepaal hom by dieselfde bewysvoering as Paulus, as hy hom tot die apostel se uitspraak wend: *"Want die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man. Want die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man. Daarom* ***moet*** *die vrou* ***'n aanduiding*** **(teken)** ***van gesag*** *op die hoof hê ter wille van die engele"* (IKor. 11: 8-10). Dit bly ons hoop dat almal die nodige vrees het voor God en Sy Woord, Sy boodskappers en die boodskap wat hulle bring. Alle woorde van God, insluitend hierdie oor die "*aanduiding* (teken) *van gesag*" en oor wat aan ons oorgelaat is in die Skrifte daaroor, is alles so heilig en verpligtend soos enige ander Woord van God. Die wie aan God behoort, leef uit elke Woord wat uit die mond van God kom. Ons moet gereed wees om die hele weg te volg wat aan ons deur die vroeë Christendomse voetspore gelaat is. Die Heilige Gees lei en tree altyd op dieselfde manier op.

## WAT IS EGBREEK?

Die man kan nie teen **sy eie huwelik** egbreek nie. Hy word 'n egbreuker wanneer hy 'n ander huwelik verbreek, dit wil sê, wanneer hy 'n ander man se vrou ingaan. God het die huwelik as 'n besonders heilige instelling gevestig en dit onder 'n heel spesiale beskerming geplaas. Van die tien gebooie word twee op 'n baie spesiale manier aan manne gerig: ***"Jy mag nie egbreek nie!"***. En, ***"… jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie".*** Dit is 'n misdaad met ernstige gevolge, soos in die begin met die sondeval. Dit is waarom God hierdie opdrag gegee het: *"As 'n man betrap word terwyl hy* ***met 'n getroude vrou gemeenskap het****, moet hulle altwee sterwe: die man wat met die vrou gemeenskap gehad het, en die vrou. So moet jy dan die kwaad uit Israel uitroei"* (Deut. 22:22). Oor hierdie oortreding word die doodstraf uitgespreek, soos geskrywe is in Levitikus 20, vers 10: *"En as iemand* ***owerspel doen met 'n man se vrou****,* ***owerspel doen met sy naaste se vrou****, moet hy en sy wat owerspel doen, sekerlik gedood word"*.

Wat die owerspel betref, gaan die profeet voort in sy preek en sê dat ook die getroude vrouens onder nie-Jode en ander

gelowe, onaantasbaar is (bl.37). Dit is vandag nog so, onder die stamme en volke wat natuurlik lewe, en stamme wat nie kan lees of skryf nie. Toe Abimelech, 'n heidense koning, wat gedink het dat Sara die suster van Abraham was, haar vir 'n vrou wou neem, het die HERE met hom gepraat in 'n droom: *“Gee dan nou* ***die man se vrou*** *terug, want hy is 'n profeet; en hy sal vir jou bid, dat jy kan lewe. Maar as jy haar nie teruggee nie, weet dan dat jy sekerlik sal sterwe, jy en almal wat aan jou behoort”* (Gen. 20:7). Die koning het die bevel van die HERE sonder aarseling nagekom.

Salomo, wat soos bekend is, baie vrouens gehad het, en aan wie die profeet Natan die naam Jedídja gegee het (IISam. 12:25) — wat beteken 'geliefde van die HERE' — sê vir ons: *“Hy wat owerspel pleeg, is sonder verstand; hy wat sy eie lewe wil verwoes, hý doen so iets; slae en skande sal hy kry, en sy smaad sal nie uitgewis word nie”* (Spr. 6: 32-33). God het egbreuk veroordeel tot ‘n ewige skande, en ‘n man wat met 'n ander man se vrou verkeer, word ‘n "dwaas" geroep. Onse HERE Jesus het dit selfs nog erger gemaak deur te sê **dat elkeen wat na die vrou van ‘n ander kyk, om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het** (Matt. 5: 27-28).

Johannes die Doper het Herodes ernstig beskuldig omdat hy die vrou van sy broer as sy eggenote geneem het, wat selfs as bloedskande beskou was. As profeet kon hy nie diplomaties daaroor wees nie, maar hy moes die Woord van God laat geld, wat sê: *“Jy mag die skaamte van jou broer se vrou nie ontbloot nie; dit is die skaamte van jou broer”* (Lev. 18:16).

Alhoewel Broeder Branham met die Gemeente in hierdie eindtyd gepraat het, het hy gepraat van die manne van God vanuit die Ou Testament soos Abraham, Jakob en ook van vele ander. Aanhaling: **“Kyk net na Jakob, uit wie die aartsvaders gebore is. Hy het minstens 'n dosyn vrouens gehad. Hy was met twee susters getroud en behalwe dit, het byvroue gehad (vroue met wie hy wettiglik gewoon het, maar was nie getroud met hulle nie) en sommige van hierdie aartsvaders is uit hierdie byvroue gebore”** (bl. 48).

Jakob het nie egbreuk gepleeg nie; maar Dawid, wat die vrou van Uria, Batseba, geneem het, het dit gedoen. Die godsman het, net nadat hy hierdie gedagtes uitgedruk, eenvoudig gesê: **"Sien, julle moet die Woord glad laat verloop"**.

## GOD VEREIS HEILIGHEID

In IKorinthiërs 5 behandel Paulus die afskuwelike geval van 'n man wat 'n verhouding met sy stiefma gehad het. In hierdie verband is 'n waarskuwing geskryf: *"Jy mag die skaamte van die vrou van jou vader nie ontbloot nie; dit is die skaamte van jou vader"* (Lev. 18:8). Hierdie man het nie net gesondig nie, maar hy het homself onder die vloek van God geplaas, want wat hy gedoen het, is onder die twaalf dinge wat God self vervloek het: *"**Vervloek is hy** wat met die vrou van sy vader gemeenskap het, want hy het die kombers van sy vader opgelig!"* (Deut. 27:20).

In veral hoofstukke 18 tot 20 van Levitikus, maar ook in ander gedeeltes van die Skrif, word aan ons 'n lys van dade gegee wat uit die Koninkryk van God uitgesluit is; dit omdat hulle nie ooreenstem met die goddelike heiligmaking van die mens nie, waarsonder niemand die HERE kan sien nie. (Heb. 12:14). In hierdie lys is, onder andere, onreinheid, wat die verkering van man of vrou met diere ingesluit, sowel as die onnatuurlike lewe van man met man en vrou met vrou, soos Paulus dit duidelik in Romeine noem. *"Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê, soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel. En jy mag met géén dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur te verontreinig nie. 'n Vrou mag ook nie voor 'n dier gaan staan om daarmee te doen te hê nie. Dit is 'n gruwelike vermenging"* (Lev. 18: 22-23). *"Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang"* (Rom. 1: 26-27). *"… soos Sodom en*

*Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aan geloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan"* (Jud. 7).

Soos onse HERE self vooraf gesê het, sal dit aan die eindtyd wees, soos dit was in die dae van Noag en in die dae van Sodom en Gomorra; amptelik word die ware dinge aangebied as vals en valse dinge word geregverdig; in die kerke word die homoseksueles getrou en lesbiese pare word geseën. In die massamedia word reklame hieroor gemaak, terwyl die huwelik, soos God dit ingestel het en daarmee saam die gesin, nie meer sy gepaste plek in die samelewing het nie. So ontstaan daar dus aan die einde van die tyd totale chaos, die "Eden van Satan", soos broeder Branham dit genoem het. Slegs ware gelowiges sal die gees van hierdie tyd vryspring, en onder leiding van die Heilige Gees, sal hulle hulself onderwerp aan die Woord van God, op alle lewensterreine.

Daar staan geskryf in IKorintiërs 6, verse 9-10: *"Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie"*. Hierdie lys van uitsluitsels van die Koninkryk van God is groot, soos omvangryklik beskrywe word in baie ander skrifgedeeltes. Elkeen moet, nie net op hierdie spesifieke punt onder behandeling nie, maar ook na die volledige lys van hierdie sondes kyk, en dan met selfbeproewing en in algehele opregtheid voor God, in die spieël van die Woord kyk.

So spreek die HERE in Sy Woord: *"Toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is die HERE julle God. En onderhou my insettinge en doen dit. Ek is die HERE wat julle heilig"* (Lev. 20: 7-8; IPet. 1: 13-19). Toe onse HERE in Sy priesterlike gebed sê: *"Heilig hulle in U waarheid; U Woord is die waarheid"* (Joh. 17:17), het Hy ook gemeen hierdie woord soos dit hier aan ons gegee is, om ons op die pad te lei gedurende ons aardse lewe.

God wou 'n harmonieuse huwelik daarstel. As ons egter harmonie wil hê in die huwelikslewe, moet die voorvereistes reeds vanaf vóór die huwelik heers. Dit is vir ongetroude jong manne dat die apostel Paulus die riglyne "in opdrag van God" gegee het: *"Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie; dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die HERE 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het. Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook Sy Heilige Gees aan ons gegee het"* (IThes. 4: 3-8).

Nadat die HERE duidelike tekste oor die huwelik, egskeiding en hertrouery gegee het, lees ons die volgende: *"Sy dissipels sê vir Hom: As die saak van 'n man met 'n vrou so is, dan is dit nie wenslik om te trou nie. Maar Hy sê vir hulle: Almal vat hierdie woord nie, maar net dié aan wie dit gegee is. Want daar is persone wat onbekwaam is om te trou, wat van die moederskoot af so gebore is, en daar is persone wat deur die mense onbekwaam gemaak is, en daar is persone wat hulleself onbekwaam gemaak het ter wille van die koninkryk van die hemele"* (Matt. 19: 10-12). As daar nie hierdie drie gegewens in 'n jong man aangetref word nie, moet hy nie versuim om hierdie lewens-verantwoordelikheid te neem, en as ‘n broeder in Christus, 'n suster in Christus met dieselfde gesindheid te trou nie. Met jong broeders wat versuim om te trou, gebeur dit vroeër of later dat hulle onder dwang van omstandighede hulself in liggaamlike nood vind. God weet baie goed waarom Hy die huwelik ingestel het. Om hierdie rede is daar geskrywe: *"… dit is beter om te trou as om van begeerte te brand"* (IKor. 7:9[b]).

Broeder Branham het by geleentheid vermoedelik die volgende aan die jong broeders aanbeveel: Slegs wanneer jy

voel dat jy nie meer sonder haar kan lewe nie en voel dat sy deel van jou moet wees, dan weet jy dat sy wel die een vir jou is". Dit laat my dink aan die agt hoofstukke van die Hooglied van Salomo waar die verhouding van die bruidegom en die bruid beskryf word. In hoostuk 8, verse 6-7, word uitdrukking gegee aan die innige begeerte om met mekaar te wees, deur hierdie woorde: *"Dra my soos 'n seëlring op u hart, soos 'n seëlring op u arm; want liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die HERE. Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie; al gee 'n man ook al die goed van sy huis vir die liefde, hulle sou hom diep verag"*.

'n Jong meisie moet ook versigtig wees om te wag totdat die regte man kom, met wie sy haar hele lewe sal moet deel — natuurlik moet sy nie wag totdat die fleur van haar jeug verby is nie (IKor. 7:36). Sy moenie haarself op avonture laat gaan nie, maar haar maagdelikheid in die huwelik bring, daarvoor sal haar man haar hul hele lewe lank dankbaar wees. Dit klink miskien soos outydse mode, maar dit sal beloon word met 'n leeftyd van geluk.

Tot in ons tyd was dit normaal dat 'n jong meisie in haar ouers se huis gebly het, tot die dag wanneer sy trou en haar eie gesin begin. Maar die moderne neiging is dat hulle die ouerhuis so gou as moontlik verlaat om selfstandig te word, om op hul eie voete te staan en reëlings te tref om hul eie lewe te lei en onafhanklik te wees, wat nie noodwendig daarop gemik is om 'n lewe saam met 'n ander te lei nie. Die vraag wat hier opkom is, sal hierdie meisie as vrou later, in staat wees om haar volgens die Bybel aan haar man te onderwerp, en sodoende 'n harmonieuse lewe as 'n egpaar kan het?

Dit word nie aanbeveel om oorhaastig in 'n huwelik te spring nie, want dit is 'n lewenslange besluit. Die twee moet dit vooraf bespreek om duidelik te wees, sodat daar ooreenstemming is, selfs in die geloofsake. Dit moet wees soos die HERE God self gesê het: *"Ek sal vir hom 'n hulp maak* ***wat by hom pas****"* (Gen. 2:18). Net dan kan ons seker wees dat God twee persone werklik verenig het om lewenslank saam te lewe.

God het nog meer gesê, ook vir die manne: *"Manne, julle moet jul eie vroue liefhê soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het"* (Efé 5:25). *"Net so moet julle manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys ..."* (IPet. 3:7[a]). Manne is geneig om onredelik te wees. Dit is waarom hulle indringend vermaan word om met hul vrouens **op 'n redelike wyse** te lewe, hulle te eer en nie te behandel as 'n vloerlap of diensmeisie nie.

Vroue moet 'n sagte en aanmoedigende gees openbaar (IPetrus 3), wat die man na haar sal lok. Die vrou het die geleentheid om 'n hemelse atmosfeer, hier op aarde, in haar huis te skep, waarin die man en die kinders goed voel. As sy nie versigtig is nie, en nie besef wat die Bybel sê oor 'n twisgierige vrou nie, kan sy haar eie huis hel maak en haar huwelik en haar gesin verwoes.

Die apostel lê dit verder baie duidelik uit: *"Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man.* ***Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou****"* (IKor. 7: 3-4). Dit is hoe God die huweliksharmonie in die hart- en in die liggaamsvereniging georden het, soos Hy self gesê het: *"... en hulle twee sal een vlees wees"* (Matt. 19:5). Paulus voeg by hierdie gegewe fundamentele wet vir die huwelik verder by: *"Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met* ***wedersydse ooreenstemming*** *vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie"* (IKor. 7:5). Wee die man, of die vrou wat skielik weer mag oor sy of haar eie liggaam in die huwelik wil hê! Diegene wat ongetroud is kan dit doen, maar nie diegene wat getroud is nie. Dit is die getuienis volgens die teks wat ons pas gelees het. Eers as hierdie woorde regtig deur beide partye in die praktyk toegepas word, is dit moontlik dat 'n huwelik liefdevol gegrond kan wees in goddelike en aardse geluk.

As een van hulle, die man óf die vrou, ' n tyd lank **sonder wedersydse ooreenstemming onttrek**, is dit so 'n duidelike oortreding teen die Woord én ook teen die ander eggenoot. Sou iemand dink dat daar tog 'n moontlikheid bestaan dat hy van die ander kan onttrek, selfs al voer hy grondige redes daarvoor aan, dring ons met hierdie skrywe daarop aan dat daar na die Skrif gekyk moet word. Niemand wat so onttrek van hul huweliksmaat, kan verwag om geheilig of genees te word nie; so ‘n persoon verstoot eerder wat die Heilige Skrif vir 'n egpaar se lewe bepaal. Daar is niks onreins in die huwelik nie, en moenie verag word nie. In die huwelik kan elkeen nie doen wat hulle wil nie. Alles moet in ooreenstemming met mekaar gedoen word. Genade hier beteken dat daar ook in die huwelik binne die grense van die Woord gelewe moet word.

In die tuin van Eden het die HERE, die Ewige, alreeds vir die vrou gesê: *“...en na jou man sal jou begeerte wees ...”* (Gen. 3:16). Vir die man is dit heel natuurlik en spreek dit vanself; dit hoef nie vir hom gesê te word nie, want hy is van nature toegerus met die instink vir voortplanting.

Dit is waarom daar geskrywe word dat die vrou geskape is vir die man. Die intieme verkeer in die huwelik is aan hom gegee as beloning vir sy bemoeiinge in die alledaagse lewe. Oor hierdie onderwerp sê Prediker 9, vers 9: *“Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet, al die dae van jou nietige lewe wat Hy jou gegee het onder die son — al jou nietige dae; want dit is jou deel aan die lewe en aan jou arbeid wat jy met moeite verrig onder die son”*.

Die apostel skryf verder oor die wat die verantwoordelikheid van die huwelik waarlik aanvaar het: *“Maar sulke mense sal verdrukking hê vir die vlees ..."* (IKor. 7:28[b]). Dit is so, maar geen verdrukking is groter as ons Helper in die tyd van nood nie! *“Maar die getroude is besorg oor die dinge van die wêreld.* ***hoe hy die vrou sal behaag****. Daar’s ook onderskeid tussen 'n vrou en 'n maagd; die ongetroude is besorg oor die dinge van die HERE om heilig te wees na die liggaam sowel as na die gees, maar die getroude vrou is besorg oor die dinge van die wêreld,* ***hoe sy haar man sal behaag****”* (IKor. 7: 33-34).

Wie ook al trou, weet baie goed dat hul twee paaie, in een pad saam moet vloei. In die sitkamer, in die slaapkamer en in alles wat daarmee verband hou, moet hulle bereid wees om met mekaar saam te lewe. In die huwelik is daar nie eensaamheid nie, daar is nie meer ‘n eie lewe nie.

Vir vroue wie se manne nog nie op die regte pad is nie, gee die apostel Petrus die beste advies wat gevind kan word: *“Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het”* (IPet. 3: 1-2). Dit sal dus nie vir haar help deur argumente, verwyte en berisping nie, maar wel, soos die Heilige Skrif sê in ons teks, om voorbeeldig en godvreesend te wandel.

## OM TE SKEI — JA OF NEE?

Die apostel Paulus het ook die saak oorweeg waar 'n eggenoot ongelowig is en uiteindelik wil skei. *“Maar as die ongelowige wil skei, laat hom skei. In sulke gevalle* ***is die broeder of suster nie gebonde nie****. Maar God het ons tot vrede geroep”* (IKor. 7: 12-16). In hierdie geval is die gelowige broeder of suster nie lewe-lank “slaafs gebonde" (soos die oorspronklike vertaling lui) nie. In die lewe word daar soms verkeerde besluite geneem, ook onder gelowiges, en dit gebeur soms ook wanneer 'n huwelik aangegaan word. As dit die geval is, waarom moet diegene wat reeds in so ‘n situasie ly, soos melaatses behandel word? Hulle het reeds 'n las wat hulle gereeld, hulle hele lewe lank moet dra. Wanneer die ongelowige eggenoot egter skei, is die gelowige vry, hetsy die man of vrou. **Dit staan nie in die Bybel geskryf “... totdat die dood julle skei” nie. Maar dit is wel geskryf: *“Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie”*** (Matt. 19:6). Daar is waarlik huwelike wat kennelik nie deur God saamgevoeg is nie. Daarom is die beklemtoning op *“Wat* ***God*** *saamgevoeg het …”*, want alles wat God doen, is vir altyd welgedaan!

Dieselfde God het ‘n egskeidingsbrief toegelaat, wat vir sekere geregverdigde redes aan die vrou gegee kon word: *“As 'n man 'n vrou neem en met haar trou, en as sy dan geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandeliks aan haar ontdek het, en hy haar 'n skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur”* (Deut. 24:1), dieselfde God sê: *“Want Ek haat egskeiding, sê die HERE, die God van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die HERE van die leërskare”* (Mal. 2:16).

'n Moedswillige egskeiding word in die Skrif vergelyk met 'n daad van geweld teen die ander huweliksgenoot. Onse HERE bring die woord van Deuteronomium 24, vers 1: *“Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee”*, na vore in die bergpredikasie, maar hy gaan verder en sê: *“Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk”* (Matt. 5: 31-32).

God beskerm 'n vrou wat sonder bybels-gegronde redes, deur haar man geskei word en sal hom daarvoor tot rekenskap bring. Mense veroordeel hierdie vrou as sy weer trou, weens die valse onderrig wat hulle ontvang het. In hierdie geval dra sy egter nie die skuld nie, om 'n tweede huwelik wat nie beplan was nie, aan te gaan, maar die man wat haar in hierdie situasie laat beland het. God tree altyd reg op en Hy eis rekenskap van die oortreder, wie in hierdie geval die eksman is. God is regverdig in al Sy woorde en heilig in al Sy dade.

‘n Ongeregverdigde egskeiding, of selfs 'n -ontrekking, is 'n geweldsdaad, gerig teen verlossing en vergifnis, want hierdeur word die kruis en versoening verwerp. Die vyandskap wat God uitgespreek het ná die gewelddadige onderbreking in die tuin van Eden, maar wat aan die kruis van Golgota (Fil. 2) tersyde gestel is, tree dan weer in werking en gee aanleiding tot nuwe verskuldiging. Vir al die verlostes bly dit vir ewig staan, dat al ons skuld en ons sondes op die Lam van God geplaas is. Ons is vry en het vrede met God. Onversoenbaarheid en die verskuldiging, aan die ander kant, getuig van die staat van die mens ná die sondeval en ná God se verklaarde vyandskap.

Die verlostes en diegene wat met God versoen is, dra geen vyandskap — wat dikwels verder gaan as die dood — in hulle nie. Dit sou regtig 'n paradoks wees. Die een wat die ander nie vergewe nie en wie versoening verwerp, durf nie tot God te bid om vergewe te word nie, want God sal hom nie vergewe nie. *"En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie"* (Mark. 11: 25-26).

In Johannes 8 het die skrifgeleerdes en die Fariseërs 'n vrou wat in die daad van egbreuk betrap was, na Jesus gebring. Hulle het hulle beroep op die bevel van Moses in die wet, *"... om sulke vroue te stenig"* en toe gevra: *"maar U, wat sê U?"*. Jesus buk toe af en skryf met sy vinger in die sand, terwyl die godsdienstige leiers hom herhaaldelik dieselfde vraag gevra het. Uiteindelik het Hy opgestaan en aan hulle gesê: *"Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi".* Toe buk hy weer neer en skryf in die grond. Toe hy weer opkyk, het almal, van die eerste na die laaste, weggegaan. *"En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? En sy antwoord: Niemand nie, HERE. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie"* (Joh. 8: 10-11). As die gelowiges van ons tyd in hulself net soveel eer as die blinde skrifgeleerdes en Fariseërs kan het, kan hulle uit die Bybel lees, **wat die HERE vir hulle geskryf en aan hulle gerig het**. Hulle sal dan ook beskaamd onttrek en nie meer as aanklaers van andere optree nie. In onse HERE Jesus se teenwoordigheid, is daar geen regverdiges nie; almal het gesondig en het die gebooie op die een of op 'n ander manier oortree, en dit ontbreek ons aan die roem wat God verleen.

Dit is die onbekeerdes wat altyd van ander bekering eis en dat hulle moet vergewe; hulle besef nie dat slegs die Gees van God tot bekering lei nie — so ook hulle ingesluit. Sulke mense

verstaan nie eens die “Onse Vader” gebed nie; nog minder, hoe om dit uit te voer: *“... en vergeef ons ons sondeskuld, soos ons ook óns skuldenaars **vergewe het**”* (Matt. 6:12 — verskeie vert.’s). Let in elk geval hierop: elkeen wat die ander die verlossing nie vergun nie, handhaaf vyandskap, verafsku sy of haar eggenoot en pleeg 'n ernstige karaktermoord teenoor hom of haar. God is 'n God van vrede en Hy gee vrede in enige situasie. Die vyand pynig harte sonder vrede, en skep bitterheid. Dit is wanneer hulle keel 'n oop graf word en in hul tonge daar slanggif is (Rom. 3: 10-18, en ander). Dit is die kenmerke van 'n persoon wat aan die vyand uitgelewer is. Met sulke onversoenbare mense, wat dikwels vanuit 'n valse openbaring optree, is dit, in die meeste gevalle, nie meer moontlik om mee te praat nie, want dit is die beskuldiger wat deur hulle praat. Hulle kom onder 'n valse inspirasie, word verlei en kan hulself nie help nie; hulle roep nie eens tot die HERE om hulp nie, omdat hulle glo dat hulle reg is, en hulle volhard in hul eie geregtigheid. Vergifnis en versoening is gewortel in goddelike liefde, soos twis en pretensies gebaseer is op 'n gebrek aan liefde en onversoenbaarheid. Die vraag wat dan ontstaan: Wat is die bedoeling agter die woorde en optrede van die een wat op sulke wyse handel? As dit teen die Woord van God gerig is, dan is dit duidelik dat Satan sy werk van vernietiging begin het.

Die Gemeente van Korinthe wat deur hierdie spesifieke saak geraak was, het die ‘So spreek die HERE' daaroor gekry: *“En aan die getroudes beveel ek — **nie ek nie, maar die HERE** — dat die vrou nie van die man moet skei nie; en as sy tog van hom skei, moet sy ongetroud bly, of haar met haar man versoen; en **dat die man sy vrou nie moet verstoot nie**”* (IKor. 7: 10-11). Dit is 'n opdrag vir beide, nie net 'n vriendelike stelling nie, maar inderdaad die ‘So spreek die HERE’. As die vrou hierdie opdrag alreeds verbreek het en die skeiding voltooi is, moet sy dan alleen bly, of na haar man terugkeer. As dit hy is wat die huwelik breek sal hy daaroor rekenskap gee. 'n Man wat sonder enige skriftelike rede van sy vrou skei om met 'n ander te trou, is skuldig voor God.

Broeder Branham wys daarop dat in ‘n egskeidingsgeval, die posisie verskillend is vir die vrou en vir die man. Aanhaling: **“Let op dat Paulus in IKorintiërs 7, vers 12, die vrou wat van haar man skei beveel om alleen te bly, óf om met hom weer te versoen. Sy moet alleen bly of met haar man versoen. Sy kan nie weer trou nie, sy moet alleen bly. Maar let op dat dit nooit oor die man gesê was nie. Jy sien, jy kan nie die Woord tot ‘n leun maak nie. Ná die begin, was die wet van seksualiteit, veelwywery”** (bl. 40).

As Broeder Branham oor veelwywery praat, meen hy nie dat 'n man 'n hele harem van vroue kan hê nie. Beslis nie! Hy wil net daardeur uitspreek, dat wanneer die huwelik verbreek word, veral as die vrou vir die egskeiding verantwoordelik is, kan die man 'n nuwe huwelik sluit. Die woord “egskeiding” kom glad nie in die Bybel voor nie, omdat God die vrou nooit die reg gegee het om 'n egskeidingsbrief aan die man te lewer nie. Dit was slegs in Sy toelaatbare wil dat hy die man toegelaat het om dit te doen, weens die hardheid van hulle harte, maar onder geen omstandighede vir 'n vrou nie.

Aanhaling: **“Maar daar is 'n behoefte aan toeligting oor hierdie kwessie van die huwelik en egskeiding, sodat julle kan weet wat reg is en wat verkeerd is ... 'n Man kan sy vrou skei en trou met 'n ander, maar 'n vrou kan nie van haar man skei en met ‘n ander trou nie. Sien julle, hoe al die skadu- en sinnebeelde volkome ooreenstem?”** (bl. 42).

Ons moet ons aan die wil van God onderwerp, en nie net daaroor praat nie. Daar is 'n toelaatbare wil, en ook 'n wil van God wat goed, welgevallig en volmaak is (Rom. 12). Wanneer 'n vrou haarself losmaak van haar man, selfs as sy haar man weier as eggenoot, en te glo dat dit nie “'n egskeiding” is nie, maar slegs “'n skeiding”, is sy verlei en is hy van duidelike beoordeling beroof. 'n Wettige egskeidingsbevel is slegs 'n geskrewe amptelike bekragtiging van ‘n skeiding wat alreeds voor dit bewerkstellig is. As 'n vrou dus — wie nie onder enige omstandighede die reg het om haar man te weier of van hom te onttrek nie — sodoende die huwelik ontbind en die huis verlaat, word sy in die aangesig van God, die ergste oortreder.

Sy demonstreer daardeur, dat sy gesag oor die man uitoefen. Sy kan wel sê: “Nou het ek hom gewys!” Maar God sal haar iets anders wys, as sy nie bekeer nie.

Dit is presies dieselfde as 'n eggenoot die ander een beveel om die gemeenskaplike huis te verlaat, wat vernederend vir daardie eggenoot voor die kinders is. Die egpaar moet ook wedersyds oor die opvoeding van hul kinders instem en hulle moet dieselfde taal praat, andersins ontstaan partydigheid binne die gesinsverband. Die egpaar moet nooit die kinders in enige meningsverskille insleep nie. Tydens 'n egskeiding is dit hulle wat uiteindelik opgeoffer word en wie ly. Almal moet duidelik weet dat geen probleme deur 'n egskeiding opgelos word nie. Inteendeel, met ‘n egskeiding begin die probleme eintlik vir die hele gesin as’t ware.

Die uitverkorenes sal nooit deur die duiwel verblind word nie, en hulle sal hulself ook nie as regverdig beskou deur hierdie tipe van gedrag, wat God en Sy Woord verag nie, en nog minder dit ondersteun. Maar hulle wil ten alle koste hul volmaaktheid en die voltooiing van die werk van God ervaar ín hulle, deur die volmaakte wil van God te doen. Vir diegene wat geroep voel, is die toelaatbare wil van God voldoende. Maar hulle wat volkome teen die Woord van God optree, is nie geroepenes, nog minder uitverkorenes nie; hulle word dubbel mislei.

Broeder Branham erken dat daar in hierdie ingewikkelde aangeleentheid 'n openbaring was, wat eers bekend gedoen het nadat die seëls oopgemaak was. Aanhaling: **“Maar nou dat die seëls oop is, lei die Gees van die waarheid ons na die Woord. Dit verklaar waarom daar deur die eeue heen met al hierdie dinge gefouteer was; dit is omdat die seëls nie oop was nie. Dit was verborge. Dit is waar”** (bl. 41).

Wie beweer dat hy altyd alles reg geweet en verstaan het, weet nog steeds nie alles korrek nie; en hy is ver daarvan om alles waarlik te verstaan. Onder die gelowiges van die “Eindtyd Boodskap”, is daar nog steeds suurdeeg wat die ‘voorkoms van heiligheid' het, soos daar ook kerklike tradisies is.

## 'n Bybelse voorbeeld as vermaning

Die apostel skryf onder inspirasie van die Gees: *“Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees”* (Efé. 5:24). Daar is geen uitsonderings vir die Gemeente óf vir vroue nie. Maar ons mislei net onsself daarmee en miskien ander ook. God hou by Sy gebooie en Sy besluite. Broeder Branham voeg nog 'n vergelyking vir ons by, wat moelik is om te begryp, maar wat die gebodsgehoorsaamheid van die vrou beklemtoon:

Aanhaling: **“U kan onthou in die Bybel, dat die koning met Ester getrou het omdat die koningin hom geweier het. Wat het gebeur toe sy geweier het om saam met die koning te verskyn, om hom te gehoorsaam? Hy het eenvoudig net ‘n ander een geneem. Dit is dieselfde met 'n vrou wat weier om ‘n vrou vir haar eggenoot te wees”** (bl. 44).

Dit is 'n moeilike woord, wie kan dit vat? God moet orde in die midde van die Bruid-Gemeente skep, en dit moet gebeur voor die wegraping. Hy laat ander begaan; hulle luister in elk geval nie na Hom nie. Daarinteen rig Sy eie hulle na elkeen van Sy woorde en hulle lewe daarvolgens, doen wat dit sê.

Ons mag vra: Wat het die verhaal van die Persiese koning Ahasveros en sy vrou Vasthi dan met ons te make? Dit is duidelik dat Broeder Branham glad nie op sy eie daaraan gekom het nie; die HERE het hom na hierdie voorbeeld verwys. En die feit bly staan dat die hele Skrif gegee is deur die Gees van God om vir ons as opdrag te dien.

Die koning het 'n fees gereël, en die koningin het parallel daarmee, 'n fees gehou vir vroue in die koninklike paleis (Ester 1). Toe die koning sewe manne na die koningin stuur om haar te roep, het sy geweier om te kom. Maar sy het daarmee haar eie lot verseël (verse 10-12). Die koninklike raad is onmiddellik byeengeroep — in die Gemeente van die HERE sal dit die ouderlinge wees — om te besluit wat gedoen moet word met die ongehoorsame vrou wat haar man, wie die prominentste plek in die ryk beklee het, in die publiek skandelik geweier het.

Die gronding vir die koning se besluit kom hieruit: *"Want die geval van die koningin sal by al die vroue bekend word, sodat dit hulle* ***manne*** *in hul oë veragtelik sal maak as daar gesê word: Koning Ahasvéros het bevel gegee om koningin Vasti voor hom te bring,* ***maar sy het nie gekom nie****"* (Est. 1:17).

Die einde van die verhaal, waarna die Heilige Gees vir Broeder Branham verwys het, is dat die koningin haar koninklike waardigheid vir altyd verloor het. Sy het haarself doelbewus teen die goddelike orde verset. Dit wat sy gedoen het, was onvergeeflik en sy kon nie meer die koning se teenwoordigheid betree nie. Daar is handelinge wat vroue opsetlik, in ongehoorsaamheid, teenoor hul eggenote pleeg, sodat dit onmoontlik is om daarvan te herstel. Daardeur word 'n perk wat God geplaas het, doelbewus oortree. Ja, sou dit daar gelaat was, dan was alle manne op dieselfde minagtende manier deur hul vrouens behandel. Dit is hoe dit geskryf is. Vasthi, wat 'n bekende persoonlikheid was, sou hul model as "First Lady" gewees het. Daarom moes 'n ander, *"… wat beter as sy is …"* haar plek inneem. So word dit aan ons vertel.

Ongehoorsaamheid wat met opset gedoen word, is in alle opsigte soos die sonde van waarsêery (ISam. 15: 22-23). Volgens die Woord van God, wat vir ewig geldig is, is dit nie soos baie dink, maklik om die saak te hanteer nie. *"As dan van die bevelskrif van die koning gehoor word wat hy in sy hele koninkryk — want dit is groot — uitvaardig,* ***sal al die vroue aan hulle manne eer bewys****, van die grootste tot die kleinste. En die woord was goed in die oë van die koning en van die vorste, en die koning het gehandel volgens die raad van Memúgan. En hy het briewe gestuur aan al die provinsies van die koning, aan elke provinsie volgens sy eie skrif en aan elke volk volgens sy eie taal,* ***dat elke man heer in sy huis moet wees*** *..."* (Est. 1: 20-22). Daarna het hulle begin soek na 'n besondere mooi maagd onder die jong meisies vir die koning, en die keuse het op Ester geval.

Maar nou ja, so staan dit in ons Bybel: Alle vroue moet van die grootste tot die kleinste, sonder uitsondering, die "hoof van die egpaar", hul eggenoot, al die eer gee wat hom toekom.

Dit is wat gepubliseer was in al die tale wat destyds bekend was: *"... **dat elke man heer in sy huis moet wees** …"*. Dieselfde moet in alle tale aan die volk van God gepubliseer word. Sarah gebruik dieselfde taal vol respek vir haar man: *"Sal ek wellus hê nadat ek oud geword het en **my heer** oud is?"* (Gen. 18:12). Dit is ook wat die Heilige Gees bepaal het deur die pen van Petrus: *"Want so het vroeër ook die heilige vroue **wat op God gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig**, soos Sara **gehoorsaam was** aan Abraham **en hom 'heer' genoem** het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen ..."* (IPet. 3: 5-6).

God het dit nodig geag om Homself ook uit te spreek teen die gees van hierdie tyd, wat soos in die tyd van Vasthi, weereens veral bekend is en ook in die kringe van die gelowiges ingekruip het. Dit was, soos bekend, reeds in 1933 deur die HERE aan die man van God geopenbaar. Manne en vroue moes die plekke inneem wat God aan hulle toegewys het; daarom word hierdie skrif-toewysings gemaak. Die orde wat God oorspronklik stewig gevestig het, en wat deur Satan vernietig is, moet nou herstel word. Paulus skryf: *"Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou"* (ITim. 2: 11-12). Vandag is ons op soek na 'n vrou wat "in stille aanhoring" — die beklemtoning — kan leer! Dikwels hoor ons: "In die kerk moet ons swyg, maar tuis laat ons nie ons monde toehou nie!", "Ons is lank genoeg onderdruk; nou het ons die oorhand!", "Nou het ons ons regte!". So is daar nog baie, selfs ook susters, wat dink dat hulle 'geestelik' is, wat 'n self-bedrieglike dubbele lewe lei.

Die apostel noem watter plig die ouer vroue in verband met die "onderrig" het: *"... sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê, ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie"* (Tit. 2: 4-5). Dit is hoe die spore van seëninge van 'n geseënde vrou daaruit sien: hulle leer die jong susters wat die huwelik binnegaan.

sodoende deel hulle hul eie lewenservaringe, sodat hulle ook geseënd kan wees in hulle gesinne. Maar wat van diegene wat presies die teenoorgestelde doen van wat die Skrif sê; wat pleks van gehoorsaamheid, direkte ongehoorsaamheid toon? Slegs 'n suster in Christus wat 'n bybelse standpunt ingeneem het jeens haar man en haar kinders, kan die jong susters volgens die Woord van die apostel leer, om regtig op 'n geseënde manier in haar huwelik en haar gesin te dien. Andersins sal dit presies die teendeel veroorsaak, soos ons dit in die onlangse afgelope jare belewe.

Die man is die hoof van die vrou en die gesin, en nie die tiran van die huis, wat hy self nie beheer oor het nie, sodat hy sy gesin met dwang moet beheer. Goddelike orde kan slegs ingestel word waar elkeen regtig sy plek, in ooreenstemming met die Woord van God en in goddelike liefde inneem. So spaar ons onsself al die teenstrydige eise, omdat elkeen hul deel vir die welstand bydra.

### DIE REGTE WEG

Aanhaling : **"Laat ons teruggaan na die onderwerp van huwelik en egskeiding. Dit moet weer verlig word, anders sal u nie weet nie. Maar Hy het dit belowe dat in hierdie laaste dae, in ons tyd, dat elke verborgenheid van die Bybel geopenbaar sal word. Hoeveel van julle weet dit? … Jesus het belowe dat al die verborgenhede, (oor die) huwelik en egskeiding, en al die ander verborgenhede wat versluier was, aan die eindtyd onthul sou word. U onthou daardie Stem wat my aangesê het: "Gaan na Tucson". U onthou daardie mistieke lig in die hemel en die sewe engele wat daar gestaan het? Daarna was ek terug vir die opening van die Sewe Seëls"** (bl. 47).

Met dieselfde respek wat ons die godheidsleer, die doop, die nagmaal, ens., ontvang en aanvaar het, moet ons sonder weerstand van binne, ook hieroor, elke Woord wat God vir ons leer, aanvaar. Die diepte van die bybelse erfenis van die geloof, vereis ook met hierdie onderwerp dat alle verklarings van die Heilige Skrif noukeurig georden en bepeins word.

Hierdie persoonlike, maar tog so belangrike tema, moet nie privaat toegepas, of, soos óns wil, geïnterpreteer word nie. Niemand het die reg om sy eie saak te beoordeel en te beslis nie, maar die broeders wat voor God verantwoordelik is, hulle wie as leraars en herders bevestig is; hulle moet **aan die hand van die Skrif** regsspraak maak. Die regsspraak vind plaas, slegs in ooreenstemming met die goddelike Wetsboek en sonder aanneming van enige persoon; nie by die huis nie, maar in die gemeente. *"Wees gehoorsaam aan julle (leiers) en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee ..."* (Heb. 13:17).

Elke broeder en elke suster wat huweliksprobleme het, of selfs 'n skeisaak beding, en wat die bedieninge wat God in die Gemeente geplaas het, ontwyk, bedrieg hulself. Omdat hulle nie die herders en die Woord van God respekteer nie, volg hulle hul eie pad, d.w.s. deurdat hulle 'n advokaat neem en na die regter gaan, asof hulle bevoegd is vir gelowiges. Wie ookal aanvanklik ‘n wêreldse weg kies vir hul huweliksprobleme, in plaas van die bybelse weg, is onder die invloed van "die goddelose", en bevind hulle in ope opstand teen Christus, wie die Hoof van die liggaam, naamlik, Sy Gemeente is, en wat die Woord van God vir homself nietig maak. Die een wie eerste na die advokaat gegaan het, moet weet dat hy of sy daardeur skuldig is aan die ergste lastering teen God, as gevolg waarvan gelowiges blootgestel word aan bespotting voor ongelowiges, die wêreld oor, tot skande van Hom wie hulle met ‘n duur prys gekoop het.

Oor die algemeen is dit juis die skuldiges wat hulself van die huweliksverbond en van die bybels-geordende gemeente losmaak, omdat hulle nie in sulke toestand kan bestaan in die gemeente nie. Té gewillig beweer diegene wat verkeerd is natuurlik, dat iets verkeerd is in die gemeente of met die broeders in die bediening. In hul eie oë is húlle alleen reg; maar volgens die oordeel van die Heilige Skrif laat hulle toe dat die duiwel hulle vernietig, sowel as die ander party. Wie die Woord nie respekteer nie, behoort klaarblyklik nie aan die kudde wat na die Woord, die stem van die Goeie Herder,

luister nie, en hulle kan nie hulself aan die Woord onderwerp nie, omdat hulle nie weergebore is uit die Woord-saad nie — en dit ondanks die doop van die Gees en die gawes van die Gees. Op hierdie onderwerp sê Broeder Branham so gepas, wanneer hy van die drie "sirkels" praat, dit wil sê, van die siel, gees en liggaam: **"Nou, mense kan … absoluut met die ware Gees van God op hulle gees gesalf wees, maar steeds verlore en duiwel-besete wees, mét daardie gees"** ("EN WEET DIT NIE …", bl. 17). Alleen die Woord van God is reg, niks anders nie; en hulle wat uit God is, luister na die Woord van God (Joh. 8:47). Dit is wat geskrywe is, en diegene wat dit toepas, word die geseëndes genoem.

Die herder en die ouderlinge moet nie met die een of die ander kantkies nie, mag ook nie verwant wees aan een van die partye nie. Daar moet slegs skrifgedeeltes na hulle verwys word en geen persoonlike kommentaar moet gelewer word nie. Uiteindelik moet die besluit geneem word deur hulle wat betrokke is, en hulle alleen word verantwoordelik gehou vir wat hulle doen. Net so moet 'n bespreking *nie met net een* van die eggenote plaasvind nie, maar dit moet altyd plaasvind met albei, sodat elkeen die geleentheid het om die verwyte en besware wat teen hulle gemaak is, te kan hoor. As dit nie so gedoen word nie, kan net die ergste dinge voorgestel word. Dan gee dit geleentheid vir die verspreiding van allerlei kwaadspreking. Maar soos ons lees in IKorinthiërs 6, sal die kwaadsprekers, net so ook diewe, rowers, afgodedienaars, egbrekers, homoseksueles, ens., nie die Koninkryk van God ingaan nie.

Wat die regspraak betref, beveel die HERE: *"Julle mag geen onreg doen in die gereg nie. Jy mag vir die geringe nie partydig wees nie en die aansienlike nie voortrek nie. Met geregtigheid moet jy oor jou naaste oordeel. Jy mag nie as 'n* ***kwaadspreker*** *onder jou volksgenote rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. Ek is die HERE"* (Lev. 19: 15-16). Paulus waarsku herhaaldelik: *"... en moenie die (kwaadspreker) geleentheid gee nie"* (Efé. 4:27).

As die huwelik nog eg in hul harte is, sal hulle die private dinge laat op die plek waar dit behoort, dit wil sê, by die huis. Die egpaar moet oor alles *met* en nie *oor* mekaar praat nie. Hulle moet oor alle dinge praat, nie twis nie, maar vir mekaar bid. Hulle moet ook tyd maak om mekaar se voorstelle te oorweeg en aan te neem. Daar kom probleme voor in elke huwelik en in elke gesin, wat opgelos moet word, maar, *“hou vrede onder mekaar”* (IThess. 5:13). Alles is moontlik waar ons volgens die Bybel glo. Hierin is ook hierdie gesegde gepas: “Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg”. As ons nie meer die wil het om voort te gaan nie, soek ons nie meer ‘n manier om aan te hou saam stap nie.

Die eggenoot wie 'n huweliks-probleem voor almal bring, pleeg 'n verraad teen die ander, vernietig vertroue en maak die pad terug vir hom- of haarself toe. Hulle is dadelik op 'n onkeerbare pad, wat gekenmerk word deur hardkoppigheid. Dan word ander daarby ingesleep, sonder om in ag te neem wie daardeur ly en daardeur ten gronde gaan, of in die skande gebring word nie. As een van die betrokke persone eensydige gesprekke voer, vorm dit partydigheid, wat op die einde nie net 'n skeuring tussen die egpaar bring nie, maar ook in gesinne en uiteindelik in die gemeente. Waar 'n wortel van bitterheid opkom, word baie besoedel en so word die tonge ontsteek deur helle-vuur. Satan het alreeds baie gemeentes op hierdie manier vernietig. Hy is nie net ‘n karakter-moordenaar nie, maar ook ‘n siele-moordenaar. Die gelowiges moet weet dat hulle nie bestem is om oor familiekwessies te klets nie, maar om van God se groot dade onder hulle te vertel, i.p.v. om oral te versprei wat die duiwel gedoen het. 'n Ware getuienis tot eer van God begin nooit met "Het jy gehoor ...?" nie.

Almal moet dit ernstig in ag neem dat baie hulself, deur kwaadspreking, uit die Koninkryk van God uitsluit. daar is net die kosbare genade, wat 'n duur prys gekos het; baie maak staat op goedkoop genade, wat heeltemal nie bestaan nie. Die aflossingsprys was die kosbare bloed van die Lam van God. Dawid vra: *“**HERE, wie mag vertoef in U tent?** Wie mag woon op U heilige berg? Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen,*

*en wat met sy hart die waarheid spreek; wat nie rondgaan met laster op sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie"* (Ps. 15: 1-3).

Slegs hulle wie hulself hier, onder die oordeel van die Woord laat plaas en laat korrigeer en hulself aan die bybelse orde onderwerp, sal aan die Gemeente van die eersgeborenes behoort. Wie ookal die Gemeente van God en die werk van God verag, word verblind deur hoogmoed, en word mislei. Al die argumente wat sulke persone sal aanbied om hul eie gewete te streel, sal geen waarde voor God en voor die finale oordeel het nie. Voor Hom geld slegs dit wat Hy Homself beveel en verordeneer het. Wie met trots dink dat hulle hartseer en kommer deur skeiding agtergelaat het, is verblind.

Kan mense bewustelik teen die Woord van God optree, hulself steeds geestelik ag en dan dink om nog aan die Bruid-gemeente te behoort? Nee, en weer nee, dit werk nie by God nie! Ons moet glo, handel en wandel soos die Skrif sê. Die HERE bring Sy Gemeente tot 'n voleinding, wat op die einde, soos aan die begin, een hart en een siel sal wees. Hy verenig Sy liggaam, wat bestaan uit baie lede, onder Homself, wie die Hoof is. Broeder Branham het herhaaldelik opgemerk dat dinge oor die huwelik en egskeiding aan almal geopenbaar moet word. Hiermee het hy nie gedink aan 'n 'spesifieke' openbaring nie, maar aan dit wat deur God self, deur die uiteensetting van al die Skrif-gedeeltes gegee word.

## DIENSKNEGTE VAN GOD

Dit is bemerkenswaardig dat God nie gevra het na een van Sy diensknegte se huwelikstatus nie. Hy het enigeen wie Hy wou hê geneem, of hy getroud of ongetroud was. Die lewens-omstandighede van Sy gesante is net so uiteenlopend soos die lewe self. Ons sien dit ook uit die lewe van manne regdeur die kerkgeskiedenis, van wie so baie gepraat word; John Wesley, byvoorbeeld, was met 'n weduwee met vier kinders getroud, wie swaar in haar huwelik gely het. Maar nie een van hulle het onnatuurlik opgetree, dws., homoseksueel of in enige ontug opgetree nie.

Ons weet net van Dawid wat egbreuk gepleeg het, hoewel hy soveel vrouens gehad het; en nie net dit nie, maar hy het ook verseker dat die eggenoot van die vrou doodgemaak word. Ek kan myself amper nie voorstel hoedat David daarna die moed gehad het om aan te hou psalms sing nie, selfs al het hy in die eerste plek psalms van diepe berou saamgestel. Wat egter vasstaan, is dat *“die genadegawes en die roeping van God is onberoulik”*. So is dit, dat onse HERE vir Dawid selfs vereer het om die titel “Seun van Dawid”, as Koning te dra. God het die vallinge van Dawid toegelaat, om reeds in die Ou Testament al, die oorwinning van genade en vergifnis te demonstreer (Rom. 4: 7-8). Hy laat ook niemand toe om Sy diensknegte te oordeel nie. Daar staan nog steeds verpligtend vir almal geskrywe: *“Raak my gesalfdes nie aan nie ...”* (Ps. 105:15), sowel as: *“Wie is jy wat die huiskneg van 'n ander oordeel? Hy staan of val met betrekking tot sy eie heer; maar hy sal staande bly, want God is magtig om hom staande te hou”* (Rom. 14:4).

Henog bleik die enigste te wees oor wie geen persoonlike foute gerapporteer word nie. Dit is met hom wat dit aangetoon was, hoe die HERE te midde van Sy heilige menigte, kom om die oordeel oor Sy volk uit te voer. (Judas-brief, verse 14 en 15). Hy was getroud, het seuns en dogters gehad, en hy het met God gewandel. Hy was op die ouderdom van 365 jaar weggeraap. Voor sy wegraping, het hierdie man van God die getuienis gehad dat hy God welgevallig was. As die sewende na Adam, was hy ‘n versinnebeelding van die Bruid-gemeente, wat in die voleinding, in die laaste gemeentelike tydperk, God welgevallig sal wees, wie sonder vlek of rimpel, in heerlike skoonheid, aan haar hemelse Bruidegom aangebied sal word. Ons wie in die lewe sal oorbly tot die koms van die HERE; sal ook soos Henog, nie die dood smaak nie, maar sal verander word.

Noag was getroud en het drie seuns gehad; hy was 'n prediker van geregtigheid. Deur ‘n vernederende ervaring, het hy die bedwelmde gevolge van die genot van wyn leerken. Toe sy seun Gam hom onbehoorlik en veragtelik voor die

naaktheid van sy pa gedrag, en hy daaroor gepraat het, het dit gevolge gehad. Toe Noag bykom na sy dronkenskap, het hy hierdie profetiese woorde uitgespreek: *“Vervloek is Kanaän!”.* Dit was Gam, die seun van Noah. God slaan sekere sondes deur 'n vloek, want daar staan geskrywe: *“Vervloek is hy wat sy vader of sy moeder verag!”* (Deut. 27:16). God is gebonde aan elkeen van Sy Woorde, en selfs vandag nog gaan die vloek daarvan oor van geslag tot geslag, aan elkeen van die wat hul vader of hul moeder bespot, of wie hulle verag. Salig is die seuns wat, soos Jakob, deur hul vader geseën kan word.

Abraham was met Sarah getroud en het Hagar as byvrou geneem, en na Sarah se dood het hy getrou met Ketura, met wie hy nog ses kinders gehad het.

Jakob het verskeie vrouens en byvroue gehad, waaruit die vaders van die stamme gebore was. Alles is tot in die eindelike besonderhede opgeteken in die Heilige Boek, selfs die feit dat Jakob vir Ragel meer liefgehad het as vir Lea. God het hom berispe vir die listige en bedrieglike wyse waarop hy die eersgeboortereg verkry het, maar hom begenadig en hom geseën. God sien die hart van Sy uitverkorenes en reken hulle nie hul sondes toe nie. Van 'n listige en bedrieglike man, het God 'n vegter gemaak, wie met God geveg het tot die son opgekom en 'n nuwe dag aangebreek het.

Moses was met Sippóra getroud en het 'n Ethiopiese vrou ook daarna geneem, en dit is waarom sy suster Mirjam en sy broer Aäron, vererg, in opstand teen hom gekom het (Num. 12). Hul irritasie was menslik-verstaanbaar, maar dit was 'n gruwel vir die Wetgewer. Die HERE het niemand toegelaat om Sy gesalfdes aan te raak nie, nie eens 'n broer of 'n suster volgens die vlees nie. Dienaars van God is nie ‘n mens, of 'n familiestam se privaat eiendom nie. Hulle is in die hoogste diens op die aarde. God het Moses nie tereggewys nie, maar met hom saamgestem en Mirjam gestraf, deur haar met melaats te slaan. Dit is hy wat die Woord uit die mond van God geskryf het: *“... as hy vir hom 'n ander (vrou) neem …”* (Ex. 21:10). Die tyd het aangebreek om ons tonge in toom te hou, sodat ons aanbidding tot God, nie tevergeefs is nie.

Elkana, Samuel se pa, het twee vroue, Hannah en Pennina, gehad. Samuel was die seun van Hannah deur gebed en op wie die seën van God gerus het.

Ons lees dat Gideon se baie vrouens vir hom 70 seuns gebore het. Hy het groot dade in opdrag van die HERE gedoen, maar Israel later na afgodediens gelei.

Dan was daar die verhaal van Simson, en nog baie meer.

Van ander diensknegte van God leer ons niks of baie min oor hulle huweliks-situasies. Dit toon aan, hoe die domein van aardse dinge vir God, saamval met bonatuurlike dinge. Oor Jesaja, die profeet van die Ou Testament, wie die mees beduidenste oor die plan van verlossing was, lees ons i.v.m. 'n profesie: *“En ek het na die profetes gekom, en sy het swanger geword en 'n seun gebaar; en die HERE het vir my gesê: Noem hom: Netnou is daar buit, gou is daar roof”* (Jes. 8:3). Ons word nie vertel wie hierdie profetes is, van wie hier gepraat word nie.

Oor Jeremia leer ons net dat hy vanaf die baarmoeder vir die HERE afgesonder was om 'n profeet van die nasies te wees en dat hy as jong man tot diens geroep was.

Die profeet Esegiël was saam met sy Joodse volksgenote na Babilon geneem. In die oggend het hy nog met die volk gepraat en die aand sterwe sy vrou (Esé. 24:18).

Aan die profeet Hoséa was gesê: *“Gaan heen, neem vir jou 'n hoervrou ...”* (Hos. 1:2). Die HERE sou dit nooit aan 'n priester of 'n hoëpriester gesê het nie, want dit staan in Sy eie Wetboek, dat 'n priester slegs met 'n maagd mag trou. Hierdie ‘hoervrou’ het vir Hoséa geboorte gegee aan ‘n seun Jísreël, 'n dogter Lo-Rugáma, en 'n seun met die naam van Lo-Ammi. As ons dit aanhoor, kan ons net verbaas wees: Op hierdie manier het God die geskiedenis van Israel en die Gemeente vooruit opgestel (Rom. 9:24-27).

In die Nuwe Testament vind ons 'n redelik uiteenlopende prentjie van die manne van God. Petrus was getroud, maar Paulus nie. Van die ouderlinge en diakens van die Gemeente

was dit vereis dat hulle die man van slegs een vrou moet wees (ITimothéüs 3, o.a.). Dieselfde word nie van apostels, profete, leraars, ens., gesê nie. Ook op hierdie punt moet ons die Woord van God korrek aanwend, om versigtig in ag te neem *wat* God sê en *aan wie* Hy dit sê. Kan dit nie wees dat ons almal weer die Woord van God, die Heilige Skrif, moet lees en, sonder voorbedagtheid, slegs te lees wat daarin geskryf staan nie?

Uit Petrus se persoonlike lewe word slegs genoem dat sy skoonma 'n sterk koors gehad het en dat sy deur die HERE genees was. Oor die meeste apostels het ons nie nadere besonderhede nie. Dit wil egter voorkom asof Paulus sy hart uitpraat as hy sê: *“Is ek nie 'n apostel nie? Is ek nie vry nie? Het ek nie Jesus Christus, onse HERE, gesien nie? Is julle nie my werk in die HERE nie? Het ons dan geen reg om 'n suster as vrou met ons rond te neem net soos die ander apostels en die broers van die HERE en Céfas nie? Of het net ek en Bárnabas geen reg om die hande-arbeid na te laat nie?”* (IKor. 9: 1,5,6). Die broers van die HERE, Jakobus en Judas was dus getroud. Paulus noem Jakobus ‘n broer van die HERE in Galasiërs 1, vers 19, en Judas verwys na Jakobus as sy broer, in die eerste vers van sy brief.

## TERUG NA DIE WOORD — TERUG TOT GOD

In die Ou Testament het God 'n natuurlike volk gekies, aan wie Hy 'n natuurlike land belowe en gegee het. In die Nuwe Testament is Sy koninkryk nie van hierdie wêreld nie. Dit is die Koninkryk van God; maar solank ons op aarde is, is die verordeninge van God ook geldig op ons vir die aardse lewe. daarom kan ons nie vir mekaar vra: “Wat sê jy daaroor? Hoe sien jy dit?” nie. Die oordeel begin nou in die Huis van God, met die goddelike regspraak. Dit is waarom ons vraag vandag en altyd moet wees: “Hoe sien God die saak? Wat sê Hy van die saak?"

Dit gaan oor die erkenning van die wil van God, om wat in die Woord van God staan, in ons persoonlike lewe te erken en dit te doen. Dit is die opregte begeerte van elke kind van God.

Hierdie goeie, welgevalle en volmaakte wil van God, moet op alle terreine van ons lewe strek, sodat Sy goeie plesier op ons kan rus; dit is ook die voorvereiste vir ons verandering. Net soos alle leringe, daadwerklik in presiese ooreenstemming met die Woord van God in die Gemeente gebring moet word, so moet dit by alle uitverkorenes wees, ook met betrekking tot die goddelike orde in die huwelik, in die gesin en in die plaaslike gemeente. Daar moet glad nie meer gekerm en oor mekaar gemurmureer word nie, want die koms van die HERE is naby (Jak. 5: 7-11). Alles wat nie met die Heilige Skrif ooreenstem nie — hetsy in woorde of in dade — veroorsaak misverstande en moet uitgeskakel word.

*"As julle die koninklike wet volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself — dan doen julle goed. Maar as julle partydig is, doen julle sonde en word deur die wet as oortreders bestraf.* ***Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword****. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word. Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel"* (Jak. 2: 8-13).

Baie is in afwagting op die groot finale optrede van God met tekens en wonderwerke, wat sekerlik binne 'n kort tydjie sal plaasvind. Alles moet egter eers vooraf waarlik volgens die Woord, in die bybelse orde herstel wees. Slegs dan kan die voorbereiding op die Wederkoms van Christus bereik word. Bo alles moet die goddelike vrees in Sy Gemeente herstel word; dit is die begin van alle goddelike kennis en alle wysheid, wat 'n einde maak aan ons menslike waansin. Dit was en is nog steeds, dat God net geintereseerd is, dat ons binne die perke van Sy Woord moet beweeg. Slegs op daardie manier is dit 'n wandeling met God.

*"Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul.*

*Want dít: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet"* (Rom. 13: 8-10).

Dit was met groot erns dat Broeder Branham altyd verwys het in sy preke, na die verwikkelinge wat in die eindtyd sou gebeur, wat heeltemal buite die goddelike orde val. Dit is die rede vir die dringende oproep: Keer terug na God! Kom terug na die Woord! Kom terug na die bybelse lering! Nadat hy verskeie voorbeelde aangegee het oor die huwelik, in die preek wat ons baie hierin na verwys, sê hy dat alles deur valse lering in chaos is en dat manne sowel as vrouens gevolglik twee of drie keer getrou het: **"Maar ek is verantwoordelik, en besef dat dit aan my oorgedra is. Ek kan dit nie vir myself hou nie, maar ek weet ook nie hoe om dit oor te bring nie. En ek weet die band(opname) sal versprei word. Ag, my broeders! Ek sal gereed maak. Die kantoor sal oop wees. Dit is presies soos met** (die boodskap) **DIE SLANG SAAD. Maar dit is absoluut bewys dat dit korrek is"** (bl. 49).

Hy het die opdrag van die HERE ontvang om diegene wat volgens die wet van God skuldig aan egskeiding was en hulle wie weer getrou het, te vertel dat beide die betrokke broeders en susters vergewe is, omdat hulle geen bybelse lering gehad het nie en dus onkundig opgetree het. Maar hy het vermaan en gesê: **"… maak u kinders groot onder die vermaning van God. Maar mag God U genadig wees om dit nie weer te doen nie! Leer u kinders om nooit so iets te doen nie. Bring hulle op met die vermaning van God"** (bl. 53).

Aanhaling: **"En in getuienis hiervan, is daar baie mense wat die teken op die berg gesien het, waar die engele van die HERE in 'n warrelwind gekom het, toe hierdie sewe engele gekom het, met die openbaarmaking van die sewe verborgenhede. En dit was dieselfde engel wat die dag waarop dit** (oor die huwelik en egskeiding) **geopenbaar was, in dieselfde rigting op die berg verskyn het"** (bl. 54).

Volgens my kennis, het die bonatuurlike wolk in sy hele bediening, net drie keer sigbaar aan mense verskyn; die eerste keer was met sy sendings-opdrag in Junie, 1933, die tweede keer in Februarie, 1963, voor die opening van die Seëls, en die derde keer, i.v.m. 'huwelik en egskeiding'.

Hieruit alleen bewys dit aan elkeen wat dinge geestelik kan onderskei, hoe belangrik die gebeure wat daarmee verband hou, in die oë van God is, en hoe ernstig ons dinge moet neem wat deur die HERE geopenbaar is. Daar is gelowiges wat verkies om niks te hoor oor hierdie tema nie. Maar hulle praat self telkens daaroor. Daar moet iets verkeerd wees. **Dit is juis omdat God op 'n besonderse manier oor hierdie tema gepraat het, dat Hy wil hê dat almal moet hoor wat Hy eintlik te sê het.** Dit is nie 'n nuwe lering wat Broeder Branham onder ons aandag gebring het nie; daarmee herhaal en werp hy net lig op wat God alreeds gesê het en wat in Sy Woord geskryf is. Ook in hierdie geval moet gesê word: *"Wie 'n oor het, laat hom hoor **wat die Gees** aan die gemeentes sê"*. En wie nie wil luister na dit waaroor God uit die Woord van Waarheid, deur die mond van 'n ware profeet gesê het nie, luister na, en herhaal dit wat valse profete in die wêreld saai.

Ek vra almal om die Heilige Skrif noukeurig te ondersoek, om dit eerlik en opreg te lees en dan weer te lees, ook die prediking waarin Broeder Branham dit blootlê wat aan hom geopenbaar was. Dit is belangrik, ja, selfs dringend om dit te doen, want die HERE self het dit vanuit die wolk verklaar. Aan die einde van sy prediking oor die huwelik en egskeiding, kon die man van God met sekerheid sê: **"Ek het julle die waarheid vertel, 'SO SPREEK DIE HERE' al die pad"** (bl. 55).

## WIE AAN HOM BEHOORT, LUISTER NA SY WOORD

Met die vele ou tradisies, skeer die vyand nog steeds die gek met baie mense. Wat hy gedoen het in "die tye van onkunde", is nog steeds nie genoeg vir hom nie. Hy doen dit skaamteloos, selfs ook nadat direkte openbaring gegee is. Nooit voorheen het ons soveel besonderhede geweet, van wat eintlik in die Tuin van Eden gebeur het nie, naamlik, hoe die

vyand sy saad, die nageslag van die mensdom laat betree het, en hoe hy dus alles onder sy invloed en magsbereik gebring het. Dit is as gevolg daarvan dat God vyandskap tussen die twee sade moes bring (Gen. 3:15). Lucifer, wat reeds in die Tuin van Eden was, vóór sy val (Esé. 28: 13-15), wou nie ontmasker word nie, maar wou eerder verhinder dat sy self-verheffing, sy opstand in en val uit die hemel (Jes. 14), ontbloot word. So ook die oorspronklike sonde wat deur sy misleiding en bedrieglikheid verrig is in Eden (Gen. 3) en sy handelinge daarna. Broeder Branham wou nog 'n preek lewer oor die 'Spoor van die Slang' en het gesê: "Die dier was in die begin, en die dier is aan die einde". Ongelukkig het hy nie by dit uitgekom nie. Die gedagtes van Satan is egter nie vir ons onbekend nie, het Paulus geskryf (IIKor. 2:11).

Wie ná die direkte openbaring, oor hoe God die verhouding tussen man en vrou ingestel het, nog in hul ou standpunt volhard, getuig dat God nog steeds nie met hulle gepraat het nie. Wat my bekommer, is diegene wat hulle teen die Woord verset, want sonder om dit te weet, openbaar hulle 'n ander gees. Die Woord en die Gees van God gaan altyd saam en stem met mekaar ooreen. Die vrome, antichristelike gees, tree op in almal wat nie buig voor die Woord nie en dit ook nie kan doen nie, ook in die vrouens wat hul eie weg soek, en hulle minagting vir manne duidelik maak, al beland hulle nie in 'n klooster nie. "Hulle onderdruk ons lank genoeg", sê hulle, om hul onbybelse gedrag te regverdig. Manne moet hulself ook nie toelaat om te doen wat God nie aan hulle gegee het om te doen nie. Geseënd is al die broeders en susters wat hulself onder die gesag van elke Woord van God plaas en dit uitleef.

Mag dit aan elkeen van ons **broeders** verleen word, om ons aan **Christus, wie die Hoof is**, te onderwerp; mag ook elkeen van ons **susters** onderdanig wees aan hul manne, soos dit behoort in die HERE; en ook dat die kinders hul ouers sal gehoorsaam, vader en moeder sal eer; dat die vaders nie hul kinders sal irriteer nie, ensovoorts, sodat die hele Gemeente, wat saamgestel is uit alle lede, 'n harmonieuse lewe kan bereik, wat God welgevallig is.

Broeder Branham het in 'n visioen gesien hoe die Bruid geleidelik uit pas gegaan het; toe hy weer kyk, sien hy hoe die Gemeente deur 'n heks gelei word. Hy het ook gesien hoedat sy vinnig herstel word, totdat sy, heel aan die einde, weer die Bruid was soos in die begin. Hy het ook 'n vrou genoem wat haar niks laat vertel het nie, terwyl sy met hoë stilettos geloop het, op 'n gesofistikeerde manier geklee was, en vir die ander vroue geskree het: "Moenie na hierdie man luister nie! Ek sal julle wys dat 'n mens so óók op hierdie weg kan gaan!". Maar sy het gegly, neergeslaan en luidkeels weggesink.

Hulle wie uit God is, luister na die Woord van God, laat hulself aanspreek, korrigeer, stryk alles uit en sluit hulself in by die wil van God. Wat onse HERE gesê het, bly staan: *"My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het. As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is ..."* (Joh. 7: 16-17). Net diegene wat doelgerig luister na die Woord van God en van plan is om die wil van God te erken, en bereid is om dit te beoefen, sal ervaar dat hierdie lering van God af kom.

Ook hierin sal die Woord in almal bereik waartoe dit gestuur is. Met "almal" word bedoel, elkeen wat uit die Woord-saad gebore is tot 'n lewende hoop. Hy wat geen Woord-saad is nie, kan nie Woord-Bruid wees nie, en het geen verbinding met die goddelike nie, en ook geen verband met die goddelike Woord nie. Om verwant daaraan te wees moet mens dieselfde natuur het, en dit bestaan slegs by diegene wat uit God gebore is.

## SLOTSOM

Ek is nie een van diegene wat Broeder Branham verheerlik nie, en ook nie vir Petrus en Paulus nie, maar ek aanvaar en respekteer gewilliglik die besluite van God, aan wie alleen alle eer verskuldig is, deur Jesus Christus, onse HERE. God het my waardig geag om die tyd en die uur van Sy genadige besoek aan ons geslag te erken, en om die Boodskap sowel as die boodskapper, dankbaar te aanvaar, soos Hy sê in Johannes 13, vers 20: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het"*. Deur hierdie unieke en buitengewone bediening van Broeder Branham, kan miljoene mense van hierdie geslag getuig dat dit direk 'n goddelike sending was. Nie een van die ander evangeliste wat vandag regoor die wêreld bekend is, kan van die dag en van die uur getuig van sy goddelike roeping nie; vir hulle kan daar net van 'n bediening gepraat word, maar nie van 'n sending wat verband hou met God se verlossingsplan nie.

Dit was William Branham wat na die Tweede Wêreldoorlog deur God gebruik was, vir 'n deurbraak van die ontwaking van die volle evangelie beweging, later bekend as die 'Pinkster-beweging'. So ook het die buitengewoon-geseënde bediening van Broeder Branham, indirek die stigting van die "Full Gospel Business-men's Fellowship" beweging met Demos Shakarian, wie geïnspireer was in 'n Branham byeenkoms. Ook gaan die charismatiese beweging terug na die historiese byeenkomste van Broeder Branham in Suid-Afrika, waarna David DuPlessis na die Verenigde State gereis het, wie later bekend geword het as "Mr. Pentecost". Ek ken albei, David DuPlessis sedert 1958, en Demos Shakarian sedertdien 1962, en ek het selfs as vertaler vir hulle gedien. Al die ander evangeliste van die geloofsgenesing-bewegings, was ook geïnspireer deur William Branham se byeenkomste. Die golwe van hierdie herlewing duur op verskillende maniere voort, tot in ons tyd.

William Branham en sy buitengewone bediening, wat in alles vergelyk kan word met die van Jesus Christus en die apostels, het ek vir tien jaar geken, vanaf 1955 tot 1965.

Sedert ek deelgeneem het aan die spesiale byeenkomste wat in Junie, 1958, gereël was deur “Voice of Healing” van Eerwaarde Gordon Lindsay, in Dallas, Texas, was die preke van Broeder Branham gereeld vanuit die Verenigde State na my aangestuur. Ek het meer as 300 daarvan vertaal in Duits, en ek kon so dus ook elke fase van sy bediening en sy lering volg soos niemand anders op aarde nie, selfs sy gedagtegang. Die profetiese bediening wat aan hom gegee was, was vir baie heeltemal omstrede en vir die skrifgeleerdes van hierdie tyd onverstaanbaar, net soos vir dié van die tyd van onse HERE. Die bonatuurlike was vreemd aan hulle omdat hulle dit nie persoonlik beleef het nie, maar ten spyte daarvan, was dit absoluut bybels en deur God self bevestig. Dit is waarom ek dus met plesier aan enige opregte kritiekus, 'n oorspronklike bandopname beskikbaar sal stel, waarop William Branham sy bediening lewer aan die siekes, deur visioene, onderskeiding en die genadegawe van genesing.

Met sy prediking oor “Die Huwelik en Egskeiding”, en ook met die onderwerp oor die sondeval, het William Branham op ongeëwenaarde wyse in die spervuur van sy kritici beland. In hierdie verband kan ek net soos Petrus sê, met betrekking tot die diepgaande daarleggings van Paulus: *“... Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, **tot hul eie verderf**”* (IIPet. 3:16). Dit was, is en sal altyd so bly, dat mense aan wie hierdie dinge nie geopenbaar is nie, dit sal verdraai tot hul eie verlies. Dit is my diepe oortuiging dat 'n mens opreg moet wees in sy hart en eerlik moet wees, om dit korrek te kan verstaan. Ek kan net op een ding hoop: dat die HERE vir almal begrip sal gee oor die Skrif, ingesluit oor hierdie onderwerp, en dat elkeen persoonlik sal erken wat op hulle van toepassing is, en hul lewe daarvolgens sal inrig en dit in lyn sal bring, soos geskrywe is: *“Maar (elkeen) moet homself beproef ... “.* Dan sal dit wat geopenbaar is, die doel bereik het.

Aangesien die HERE my met Sy Almagtige stem beveel het: “Ek sal jou na ander stede stuur om My Woord te verkondig”,

doen ek soos Paulus gesê het: *"... deur eer en oneer, deur slegte en goeie gerug, as verleiers en tog waaragtig ..."* (IIKor. 6:8).

Die geopenbaarde Woord het 'n lamp vir ons voete geword en 'n lig op ons pad. Die Bruid-Gemeente leef nou volgens elke Woord wat God in hierdie tyd bestem het as ons geestelike voedsel. Dit behoort tot my bediening, om volgens die skriftelike orde, deur te gee wat Broeder Branham van die HERE ontvang het, soos aan hom geopenbaar is. Baie keer het van die prominente predikers aan my gesê dat ek my bediening skade doen deur na William Branham te verwys, veral as gevolg van sy opvatting oor "die saad van die slang". Ek moet getrou bly aan die hemelse roeping ten spyte van wat die gevolge mag wees. Dit is uit oortuiging dat ek soos Paulus kan sê: *"As ek nog mense behaag, dan sou ek nie 'n dienskneg van Christus wees nie"* (Gal. 1:10[b]). Want soos Paulus het ek ook dieselfde evangelie, wat ek nie van mense het nie, nog minder geleer het nie, maar wat ek ontvang het deur die openbaring van Jesus Christus (Gal. 1: 10-12).

As God deur hierdie daarlegging die geeste finaal skei, kan ek niks verander nie. Hy het altyd die lig vanaf die duisternis geskei. Ek is gereed om die smaad van Jesus Christus te dra, en ook dié van Broeder Branham. Mag God genade skenk aan almal, dat by die Wederkoms van ons geliefde HERE, hulle nie teleurgestel agterbly sal nie, maar inteendeel, dat aan hulle die grote vreugde verleen sal word, om aan die Eerste Opstanding deel te neem. Laat dit my beloning wees; Meer kan ek nie vra nie.

God praat baie persoonlik met almal deur Sy Woord. Wat in hierdie daarlegging aangebied word, is nie bedoel om gebruik te word om iemand voor te hou, of dat aan iemand voorgelees moet word, wat aan hom of haar gerig is nie; maar dat elkeen dit self biddend tot hul eie voordeel sal lees en hulself laat aanspreek. Dan word almal gehelp.

My gebed is dat God Sy genade daartoe sal skenk.

Hierdie boekie is direk vertaal uit die Duitse taal van die skrywer. Wie graag meer wil weet oor wat God gedoen het en nog steeds doen in ons tyd, kan ons gerus kontak by enige van die onder-genoemde kontakpunte. Ander beskikbare boekies sluit in:

DIE CHRISTENDOM GISTER EN VANDAG
DIE BYBEL – DIE MEES-GELESE BOEK
DIE DOOP, NAGMAAL EN VOETEWAS
GOD EN SY PLAN MET DIE MENSDOM
'N PROFEET BESOEK SUID AFRIKA
'N MAN VAN GOD GESTUUR
DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS
DIE ANTICHRIS

U kan ook inskakel op die Internet vir ons maandelikse uitsending wat val op die eerste naweek van elke maand: op die Saterdag aand om 19h30 en die Sondag oggend om 10h00 (Sentraal-Europese Tyd). Hierdie uitsendings kan gevolg word in sestien verskillende internasionale tale. Wees deel van God se Verlossingsplan, soos dit nou in vervulling is!

Ons is ook sigbaar op youtube.com onder

"Apostolic Prophetic Bible Ministry"

Internasionale tuisblad: http://www.freie-volksmission.de

Sendeling Ewald Frank
Posbus 100707
D–47707 Krefeld
Duitsland
Webwerf: http://www.freie–volksmission.de
E–pos: volksmission@gmx.de

Ons plaaslike kontak:

Broeder Cecil Golden
Pretoria Mission Centre
Posbus 76222, Lynnwood Ridge, 0040. Pretoria. RSA.
Foon: +27-73-631-7762

© kopiëring is slegs toegelaat met geskrewe toestemming.